Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

Stanmorephysics

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## 2023

**PUNTE: 70**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 41 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

Downloaded from Stanmorephysics.com


## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

   AFDELING A: Roman (35)
   AFDELING B: Drama (35)
   AFDELING C: Kortverhale (35)
   AFDELING D: Gedigte (35)

3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

4. Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

5. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Bestee ongeveer 75 minute aan elke afdeling.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com


**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 5 |
| | | |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 9 |
| | | |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 13 |
| | | |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 17 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 21 |
| | | |
| 6. *Paljas* | 35 | 25 |
| | | |
| 7. *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 29 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Rot in 'n Val" | 17 | 34 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Die Weldoener" | 18 | 36 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "Huiskat" | 18 | 38 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Palimpses" | 17 | 40 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**KONTROLELYS**

**Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.**

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | GETAL VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Roman | 1–4 | 1 | |
| | | | |
| B: Drama | 5– 7 | 1 | |
| | | | |
| C: Kortverhale | 8 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | | |
| D: Gedigte | 9 | 1 (2 gedigte) | |
| **LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het. | | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING A: ROMAN**

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

**VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

..."Hoekom sou hy ons nie gejaag het nie?"

"Miskien het hy ons nie gesien nie."

"Hy hét ons gesien. Ek weet. En die wind is verkeerd, hy hét ons gesien!"

"Ons moet loop," het Jozef gesê en bly kyk in die rigting waar die olifant verdwyn het.

"Miskien weet hy van Ma en Sara ..." Saul kon nie dink waarom hy so iets sê nie. Dis net dat hy nie kon verstaan hoekom die olifant net daar gestaan en gestaan het nie.

"Jy's laf," het Jozef gesê en begin aanstap. "As daardie grootpoot vandag omdraai, is ons getrap, ek sê jou! Kom!"

Teen die laatmiddag het hulle bokant Diepwalle in die hardepad uitgekom.

"Sal jý dit sê?" het Jozef onderlangs gevra.

"Jy's die oudste."

"Ouma sal dit van jou wil hoor."

"Goed, ek sal sê."

Heeldag deur die Bos het hy geweet Jozef wil nie hê hy moet sien dat hy ook maar kort-kort huil nie. Jozef was soos hul pa. 'n Barnard met ysterhout onder die bas: hard en sterk en goed. Hy het soms die gevoel gekry dat Jozef en sy pa met mekaar praat sonder dat hulle iets sê; oor wat hulle moes kap, waar die boom moet val en nie val nie ...

Jozef was altyd bosmens. Hy wou nooit iets anders wees nie.

1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) neer.

Terwyl Saul aan boord van die (1.1.1) ... was, het Maska met hom gaan praat. Hy het vir Saul vertel dat (1.1.2) ... vir Oupoot gaan skiet, omdat hy geglo het dat Oupoot Jozef se oudste seun doodgetrap het. Saul het besluit om self vir Oupoot te skiet om hom die (1.1.3) ... te spaar. Terug in die Bos, het Saul aan baie dinge gedink, soos die dag toe hy en Jozef vir Ouma van sy ma en Sara se (1.1.4) ... gaan vertel het. (4)

1.2 "Hy hét ons gesien. Ek weet. En die wind is verkeerd, ..." (Reël 3)

Noem TWEE dinge wat die Bosmense gewoonlik gedoen het om weg te kom as daar 'n olifant naby was. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.3 "Jy's laf," (Reël 9)

Wat bedoel Jozef met hierdie woorde? (1)

1.4 Terwyl Saul deur die Bos gestap het, het hy baie dinge uit sy kinderjare onthou.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | Saul moes vir sy pa-hulle kos by die huis gaan haal. | A | Saul se idee van die wêreld het verander toe hy sien hoe sy pa verneder word. |
| 1.4.2 | Saul het die bloubokkie se gal op die gewone plek tussen die binnegoed gevind. | B | Saul het vir die eerste keer ervaar dat olifante gevaarlik is. |
| 1.4.3 | Saul het vir die eerste keer saamgegaan dorp toe. | C | Saul het geleer dat verskillende bome om verskillende redes afgekap word. |
| 1.4.4 | Saul se pa het hom weggejaag. | D | Saul het besef dat die grootmense in leuens geglo het. |
| | | E | Saul het geleer dat die houtbesigheid 'n baie skewe sirkel is. |

(4 x 1) (4)

1.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.5) neer.

Saul het Jozef toegelaat om hartseer te wees, sonder om iets te sê. Dit wys vir ons dat Saul ...

A net aan homself gedink het.
B begrip vir sy broer gehad het.
C bang was Jozef word kwaad as hy iets sê.
D haastig was om te doen wat hy moes doen. (1)

1.6 Waaruit kan ons aflei dat Jozef "sterk en goed" is? (Reël 18) (1)

1.7 "Jozef was altyd bosmens. Hy wou nooit iets anders wees nie." (Reël 21)

Waarom is dit ironies dat Jozef voorgestel het dat hulle geld moes maak uit die olifante? (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.8 "Hy het soms die gevoel gekry dat Jozef en sy pa met mekaar praat sonder dat hulle iets sê; ..." (Reël 18 en 19)

Hoe sluit hierdie gedagte van Saul aan by sy verhouding met sy pa, Joram Barnard? (1)

1.9 Waarom kan 'n mens vir Jozef jammer voel? (1)

1.10 Waarom fokus die skrywer die leser se aandag op Saul wat wonder of Oupoot van sy ma en Sara geweet het? (Reël 6) (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

... Ja, hy gaan terug en niks en niemand gaan hom keer nie. Nie eers MacDonald nie!

"Oom Abraham, ek het besluit om terug te gaan Knysna toe om daar 'n meubelmakery te gaan begin."

"Nou wanneer het jy dan só besluit?"

"Eintlik die hele tyd, oom. Ek het dit maar net nie geweet nie."

"Ek het geweet die dag sal kom dat jy gaan oppak," het die ou man bewoë gesê. "In my hart het ek seker maar gehoop jy stel dit uit . . . Wanneer het jy gedink om te gaan?"

"Sodra ons die twee hangkaste van die dokter klaar het, oom."

Die Knysna het vol in die gety gelê toe hy teen die middag oor die laaste hoogte kom en sy perd inhou. So het hy dit onthou: op 'n afstand waarvandaan die wonde nie sigbaar is nie. Hy was amper twee jaar weg! En daar was 'n rustigheid in hom wat hom sonder haas daar laat sit het en hom die uitgestrektheid voor hom laat indrink het. Vandat hy die oggend wakker geword het met die wete dat hy gaan omdraai, het hy baie dinge met homself uitgemaak. Selfs oor Kate. Hy was soos 'n huis wat aan die kant is; in sommige laaie is dinge diep weggepak: sy gevoel vir Kate, al die ou kwaad en bemoeienis met dinge waaroor hy nie werklik beheer het nie.

1.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- Saul het in Swellendam gaan woon.
- Saul het Kate in Meulbos raakgeloop.
- Saul het mense na Crompton se hotel toe vervoer.
- MacDonald het geweier om hout van enige Barnard te koop. (4)

1.12 Oom Abraham Steyn en Saul se siening oor die gebruik van bome was baie dieselfde.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.13) neer.

"Eintlik die hele tyd, oom. Ek het dit maar net nie geweet nie." (Reël 5)

Hierdie woorde sê vir ons dat Saul altyd geweet het dat ...

A hy 'n meubelmakery wou besit.
B hy net in Knysna geld kon maak.
C al die Bosmense hulle hout aan hom sou verkoop.
D Knysna die plek is waar hy die gelukkigste sou wees. (1)

1.14 Lees reël 6 en 7.

1.14.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Oom Abraham het bewoë gevoel omdat Saul wou weggaan.

Hieruit kan ons aflei dat oom Abraham se houding teenoor Saul (verander het/dieselfde gebly het). (1)

1.14.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.14.1. (1)

1.15 "En daar was 'n rustigheid in hom wat hom sonder haas daar laat sit het ... " (Reël 12 en 13)

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie reaksie van Saul sê vir ons dat hy (haastig was om sy vriende weer te sien/nie meer innerlike konflik gehad het nie). (1)

1.16 Saul het verskillende belangstellings gehad wat vir hom belangrik was. Noem DRIE hiervan. (3)

1.17 Hoe het Saul en MacDonald se idee van houtkoop verskil? (2)

1.18 Waarom was dit onregverdig dat niemand in Knysna grond aan Saul wou verkoop nie? (1)

1.19 Tussen reël 9 en 10 is daar 'n oop spasie.

Waarom, dink jy, is hierdie oop spasie effektief gebruik? (1)

1.20 Saul het besluit om nie meer aan sy gevoelens vir Kate te dink nie.

Wat sou jy gedoen het as jy in Saul se situasie was? (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 2:** ***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM –***
**Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

En nou is ek vasgekeer op 'n berg waar ek oor tien dae my vyftiende verjaardag moet vier, saam met my abnormale ma, my ingewikkelde gesin, my beste vriendin en – *wait for this* – my pa met die peroksiedhare. Ek was vreeslik dankbaar toe Sharon vra of sy nie ook so 'n stukkie van hierdie vreemde wittebrood saam met my kan kom hou nie. (Sy dink mos my gesinslewe is opwindend. Ná 'n paar dae saam met ons op die berg sal sy beslis anders dink.) En ek was vieslik ondankbaar toe Gavin uit Johannesburg laat weet hy wil óók my verjaardag saam met my kom vier.

Ek meen, hy't nie een van my vorige veertien verjaardae saam met my gevier nie. Vir wat wil hy nóú met my kom bodder?

Maar ek het nie kans gekry om sy aanbod van die hand te wys nie. Ek het nie eens kans gekry om met hom te praat nie. Mana het die telefoon geantwoord en op haar gewone baasspelerige manier my hele lewe oorgeneem.

Eers was ek bly dat sy geantwoord het, want ek weet nooit wat om vir Gavin te sê as hy so uit die bloute bel nie. Wel, ek weet in elk geval nooit wat om vir hom te sê nie, maar as ek hom in lewende lywe sien, kan ek hom altyd uitvra ...

2.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) neer.

Hanna het die berg waar sy vasgekeer was (2.1.1) … genoem. Almal het Hanna op haar vyftiende verjaardag met (2.1.2) … in die bed verras. (2.1.3) ... het vir haar 'n swart cashmere trui gegee. Margot het haar vir die eerste keer (2.1.4) .... sodat sy mooi kon lyk vir haar partytjie. (4)

2.2 Wat bedoel Hanna as sy sê sy is "vasgekeer op 'n berg"? (Reël 1) (1)

2.3 Hanna noem dat sy 'n abnormale ma en ingewikkelde gesin het. (Reël 2)

Verduidelik hoekom Hanna haar ma **én** gesin so beskryf. (2)

2.4 Verduidelik die TWEE verskillende gedagtes wat Hanna oor Gavin se telefoonoproep gehad het. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com



2.5 Die verskillende gaste wat saam met Hanna op die berg was, het alles meer opwindend gemaak as wat Hanna ooit gedink het.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.5.1 tot 2.5.4) neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 2.5.1 | Sharon het die familietyd op die berg geniet. | A | Hy het almal beter leer ken omdat hy betrokke geraak het by aktiwiteite. |
| 2.5.2 | Margot het op dramatiese wyse by die huis opgedaag. | B | Hy het oefeninge uitgedink om die gesin besig te hou. |
| 2.5.3 | Gavin het met 'n verspotte karretjie en vol modder op die berg aangekom. | C | Sy het die ander gaste die meeste verras. |
| 2.5.4 | Yann het voor die vakansie al besluit dat hy dit nie gaan geniet nie. | D | Sy het die waarde van 'n groot gesin raakgesien. |
| | | E | Hy het almal laat lag omdat hy klere moes dra wat glad nie sy styl was nie. |

(4 x 1) (4)

2.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.6) neer.

"Vir wat wil hy nóú met my kom bodder?" (Reël 9)

Met hierdie woorde bedoel Hanna dat sy...

A geen verhouding met Gavin gehad het nie.
B glad nie vir Gavin omgegee het nie.
C kwaad was vir Gavin.
D bang was vir Gavin. (1)

2.7 Hoekom kan 'n mens sê dat Hanna se woorde en reaksie in hierdie teks tipies van 'n tiener is? (1)

2.8 Waarom was dit tog 'n goeie idee van Mana om Gavin na Hanna se verjaardag op die berg uit te nooi? (1)

2.9 Hanna het geglo dat Sharon nie die vakansie op die berg sou geniet nie, maar sy was verkeerd.

Watter les leer jy hieruit? (1)

2.10 Waarom, dink jy, fokus die skrywer regdeur die roman op die kommunikasie tussen ouers en kinders? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

*Fabienne word 'n feeks.* Nee, dis nie die titel van my liefdesverhaal nie, dis net 'n idee wat ek so pas gekry het. Fabienne sal haar ware kleure wys. Groen en geel. Van jaloesie en afguns. Swart. Vir die bose hart wat sy onder haar onskuldige voorkoms wegsteek.

Fabienne sal iets aakligs doen. Rêrig aaklig. Soos om Anna "per ongeluk" by 'n trap af te stamp, of op 'n sypaadjie vol glasstukke te pootjie, of met 'n krieketkolf deur die gesig te slaan. Anna sal met 'n gebreekte enkel of 'n toegeswelde oog sit. Of met 'n gebreekte enkel én 'n toegeswelde oog.

Fabienne doen dit natuurlik om Anna buite aksie te stel. Om te keer dat Anna orals saam met haar en Jan rondpiekel. Maar haar wrede plan boemerang. Jan sê hulle kan nie die arme Anna alleen in die hotelkamer los nie, hulle moet haar geselskap hou. En omdat Fabienne nie wil wys hoe gemeen sy eintlik is nie, moet sy nou aand ná aand saam met Jan en Anna sit en kaartspeel.

Ná skaars 'n week is sy so verveeld dat sy kan gil. Die volgende week gee sy nie eens meer om of hulle dink sy's onbeskof nie. Sy kondig aan dat sy op haar eie iewers gaan dans. En Jan kry eindelik 'n kans om vir Anna te vertel dat hy haar bo Fabienne verkies.

2.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- Fabienne se pa het verdwyn.
- Hanna het Fabienne agtergelaat.
- 'n Mensvreterplant het Fabienne se ma ingesluk.
- Fabienne het eers teen dagbreek teruggegaan hotel toe. (4)

2.12 Fabienne was Hanna se beste vriendin.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

2.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.13) neer.

In die liefdesverhaal wat Hanna skryf, is daar drie karakters: Fabienne, Anna en Jan. Dit verteenwoordig haarself, Sharon en Yann.

Uit hierdie uittreksel kan ons aflei dat ...

A Anna jaloers was op Fabienne.
B Jan bewus was van Anna se gevoelens vir hom.
C Hanna jaloers was op Yann en Sharon se verhouding.
D Sharon eintlik nie so 'n gawe mens was as wat almal gedink het nie. (1)

2.14 Watter ooreenkomste is daar tussen Sharon en Fabienne? Noem TWEE ooreenkomste. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com


2.15 "Om te keer dat Anna orals saam met haar en Jan rondpiekel." (Reël 9 en 10)

2.15.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie woorde sê vir ons dat Fabienne (daarvan gehou het as Anna saam met haar en Jan kuier/geïrriteerd was omdat Anna oral saam met hulle gegaan het). (1)

2.15.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.15.1. (1)

2.16 "Maar haar wrede plan boemerang." (Reël 10)

Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Hieruit kan ons aflei dat Fabienne se plan (geslaag/misluk) het. (1)

2.17 Hanna het daarvan gehou om verskillende dinge te doen. Noem DRIE dinge. (3)

2.18 "Sy kondig aan dat sy op haar eie iewers gaan dans." (Reël 15 en 16)

Waarom kan ons sê dat Fabienne se optrede hier selfsugtig was? (1)

2.19 Waarom is dit effektief dat Hanna so baie verhale skryf? (1)

2.20 "En Jan kry eindelik 'n kans om vir Anna te vertel dat hy haar bo Fabienne verkies." (Reël 16 en 17)

Wat sou jy doen as jy in Anna se situasie was? (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

"Kom," sê hy, "ons moet gaan klaarmaak. En onthou, as jy 'n malgas nie vinnig los nie, spring die luise op jou."

Sy kyk hom afgehaal aan. Hy haal 'n ou kakiehoed agter die kombuisdeur se haak af en gooi dit voor haar neer.

"Jy sal gaar verbrand," sê hy en loop uit. Sy sit die ou hoed teësinnig op haar kop en volg hom onwillig werf toe.

Daardie aand mis sy vir Jannerik toe sy self haar water van die tenk af moet aandra en hout van die afdak agter die werkskamer. Sy staan in die aandskemering met die emmer water en kyk uit oor die see waar die laaste son 'n okergloed oor die water gooi.

*Ek is besig om my lewe oor te maak.*

Sy stap by haar blyplek in en sit die oorvol emmer stort-stort op die houtbankie in die hoek neer.

Sy maak die klein deurtjie van die swartstoof oop en steek twee stompies in, maak dit brand.

*Ek het waaragtig teruggekom na die eenvoud van die aarde.*

Sy maak aandete vir haarself. Brood, eier en koffie. Sy maak badwater en gaan bad. Toe gaan sy terug kombuis toe en haal haar waterverf en kwaste uit en begin om die oggend se rowwe sketse te verwerk. Dis verby middernag toe sy met stram skouers gaan lê.

3.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) neer.

Toe Ryna uit die (3.1.1) ...-kliniek in Kaapstad ontslaan is, het prof. Van Keulen gereël dat sy na 'n guano-eiland gaan om (3.1.2) ... oor kusvoëls te doen. Sy moes ook vir Jacob Langhans, die (3.1.3) ... op die eiland, met sy ondersoeke help. Ryna het haar ware identiteit, (3.1.4) ... Calvin, in die Kaap agtergelaat, sodat sy 'n nuwe begin op Meeuland kon maak. (4)

3.2 Jacob en Ryna moes saamwerk.

Verduidelik waarom Jacob nie van die idee gehou het dat Ryna op Meeuland moes kom bly nie. Gee TWEE redes. (2)

3.3 "Sy kyk hom afgehaal aan." (Reël 3)

Wat beteken hierdie woorde? (1)

3.4 "Jy sal gaar verbrand." (Reël 5)

Waarom is Jacob se woorde ironies? (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

3.5 Ryna was altyd daar wanneer iets op Meeuland gebeur het.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.5.1 tot 3.5.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.5.1 Ryna het saam met Elsabet Salamanderbaai toe gegaan vir haar ondersoek. | A Ryna het geweet dat sy onlosmaaklik deel van Meeuland geword het. |
| 3.5.2 Jacob het ontdek dat Kinnie se baba op Meeuland is. | B Ryna het besef dat Elsabet baie swaarkry. |
| 3.5.3 Ryna was daar toe Elsabet en Jacob se babadogtertjie dood is. | C Ryna het standpunt ingeneem teen Jacob. |
| 3.5.4 Janka het haar eerste tandjie gekry. | D Ryna het besef dat 'n mens 'n permit nodig het om in Salamanderbaai te woon. |
| | E Ryna het gehoor dat Attie dalk op Meeuland sou kom woon. |

(4 x 1) (4)

3.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.6) neer.

Ryna het Jannerik nie net gemis omdat hy vir haar water aangedra het nie, maar ook omdat ...

A sy nie die eiland geken het nie.
B Elsabet min met haar gepraat het.
C daar in 'n kort tyd 'n mooi band tussen hulle ontwikkel het.
D Jannerik na Kinnie se dood vier dae by Ousanna gebly het. (1)

3.7 Tussen reël 10 en 11 is daar 'n wit spasie.

Wat was die skrywer se doel met hierdie wit spasie? (1)

3.8 Waarom kan 'n mens verstaan dat Ryna haar ou lewe wou agterlaat? (1)

3.9 "*Ek is besig om my lewe oor te maak.*" (Reël 11)

Waarom was Meeuland 'n goeie plek vir Ryna om haar lewe oor te begin? (1)

3.10 Wat kan jy leer uit die dinge wat Ryna gedoen het om haar te help om te herstel? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS F**

Janka sit by 'n rottangkrat vol pikkewyne. Haar wilde haartjies val woes oor haar voorkop en sy stoot dit met die rugkant van haar bruingebrande handjie terug. Hier's groot moleste op Meeuland. Die pikkewyne is vol vuil olie en hulle gaan dood van die honger as hulle nie vissies kan vang nie. Hulle moet almal Kaap toe gaan, na Sanccob toe. Daar sal hulle gevoer en gewas word met spesiale skuimpies. Selfs Pikkie-Dikkie se laplyfie is ook vuil. So vuil dat sy nou vir hom saam met die ander pikkewyne in een van die kratte inpak. Hy sal moet saamgaan. Hulle sal hom ook moet red.

"Jy kan hom nie saam stuur Kaap toe nie!" sê Daniel vir haar en sy sien hoe Donovan kort agter hom staan en lag.

Sy is op die plek woedend. "Hy's bedoesel! Kyk hoe lyk hy! Die ene olie!"

"Hulle gaan hom in die see los by die Kaap," sê Donovan, "dan sien jy hom nooit weer nie!"

"Jy jok!" sê sy, "Jannerik sê almal wat bedoesel is, kom trug hiersonatoe."

"Besoedel," sê Daniel, "maar onthou hulle moet self terugswem hiernatoe. Dink jy Pikkie-Dikkie kan swem? Haal die ding uit, man! Ons kan hom self was."

Nou is sy regtig kwaad. "Die ding? Hy's nie 'n ding nie! Jy's 'n ding! Toe, loop neek weg."

3.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- Ryna het by Fred gehoor van die Fortune wat besig was om olie te stort.
- Ryna en Elsabet het na die doop van Sheila Song II saam gekuier.
- Ryna het vir Doreen van Vincent en Ronnie vertel.
- Ryna het by Salamander-Suid begin skoolhou. (4)

3.12 Ryna het in verskillende dinge belang gestel. Noem DRIE dinge. (3)

3.13 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Donovan het vir Janka gelag omdat hy (gedink het sy weet nie wat regtig aangaan nie/kon agterkom dat sy baie lief vir Pikkie-Dikkie was). (1)

3.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.14) neer.

"Hy's bedoesel! Kyk hoe lyk hy! Die ene olie!" (Reël 11)

Uit hierdie woorde van Janka kan ons aflei dat sy nog klein was, maar ...

A nie Daniel of Donovan se raad wou aanvaar nie.
B gepraat het asof sy alles van pikkewyne af geweet het.
C geglo het wat Jannerik vir haar van pikkewyne vertel het.
D dat sy bewus was van die gevaar waarin die pikkewyne was. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


3.15 Met Jannerik se woorde in reël 14 bedoel hy dat Meeuland 'n veilige plek vir ware Meeulanders is.

Elsabet het bewys dat Jannerik reg was.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

3.16 "Daar sal hulle gevoer en gewas word met spesiale skuimpies." (Reël 5)

3.16.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Net soos die pikkewyne daarby sou baat om goed versorg te word, sou Janka ook daarby baat om versorg te word deur iemand wat (opgelei is om met kinders te werk/vir haar omgegee het). (1)

3.16.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.16.1. (1)

3.17 Hoe verskil die situasie op Meeuland in die uittreksel van hoe dit gewoonlik op Meeuland is? (2)

3.18 Janka se bynaam was Klein Pikkewyntjie.

Hoe sluit die pikkewyne wat in die Kaap gered moes word aan by dit wat later met Janka gebeur het? (1)

3.19 Waarom is die dialoog tussen Daniel en Janka in reëls 11 tot 18 tipies van kinders? (1)

3.20 Watter les het jy geleer uit die pikkewyne se situasie in hierdie teks? (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

Tannie Bets sê sy wil gou by Pick n Pay stop om 'n paar goedjies te koop. Lien bly in die Golfie sit en luister na die *country*-en-*western* CD wat tannie Bets in die CD-speler gesit het. Iemand sing 'n *corny* liedjie oor verlore liefde en dis die rede waarom hy "whisky by the bottle" drink. Kan grootmense dan nie hulle dinge *face* nie, wonder Lien vererg. Sy sit summier die tranerige CD af.

By die ingang van die sentrum staan 'n vrou met 'n plakkaat en bedel. Dis te ver om te sien wat op die plakkaat staan. Lien hou haar dop. Die mense stop nou en dan iets in haar hand, dan glimlag sy dankbaar. Lien wonder hoeveel maak die vrou op 'n dag en of sy nie skaam is om so te bedel nie.

Tannie Bets kom terug met stapels Pick n Pay-sakkies. Sy sit die sakkies op die agterste sitplek neer. "Moes so 'n paar goedjies koop. Die yskas is dolleeg," sê sy verleë.

Lien dink aan Tannie Bets se oorvol yskas waarin daar gewoonlik nie plek vir 'n muis is nie. Sy ruik gebraaide hoender. Sy twyfel of die fyne Mara van Weigh-Less, voorheen 'n groter vrou, baie beïndruk sou gewees het.

*Drie afhanklikes. Werkloos. Enige donasie asb!!! Die Here seën u*, staan op die vrou se plakkaat, sien Lien toe hulle by haar verbyry.

4.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) neer.

Lien se gesin het alles verloor en moes uit hulle huis na 'n (4.1.1) ... toe trek. Hier het tannie Bets hulle gehelp en gereeld (4.1.2) ... gestuur. Lien en haar broer moes ook van skool verander en hulle het by Hoërskool (4.1.3) ... begin. Op haar eerste dag by die nuwe skool het Lien vir (4.1.4) ... ontmoet en hulle het goeie maats geword. (4)

4.2 "Iemand sing 'n *corny* liedjie van verlore liefde en dis die rede waarom hy 'whisky by the bottle' drink." (Reël 3 en 4)

Noem TWEE redes waarom hierdie liedjie Lien so baie aan haar eie lewe laat dink het dat sy die CD dadelik afgeskakel het. (2)

4.3 "Sy sit summier die tranerige CD af." (Reël 5)

Wat bedoel Lien met "tranerige CD"? (1)

4.4 Waarom is dit ironies dat tannie Bets so baie pakkies in die motor gelaai het? (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.5 Party van die grootmense met wie Lien in haar lewe te doene gekry het, kon nie hulle probleme *face* nie en het Lien se lewe moeilik gemaak. Ander het Lien se lewe beter gemaak.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (4.5.1 tot 4.5.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.5.1 Juffrou Breytenbach het reguit vir Lien gesê dat sy nie haar potensiaal benut nie. | A Lien het besef dat sy nie die enigste kind met 'n afwesige ouer was nie. |
| 4.5.2 Malie Dry was 'n harde besigheidsvrou. | B Lien het geleer dat geld hard praat. |
| 4.5.3 Christien Jooste kon nie die veranderinge in die gesin se lewe goed hanteer nie. | C Lien het besluit om die rol van *Weird* Maria te vertolk. |
| 4.5.4 Miemie se ma het vir lang tye televisie gekyk. | D Lien het haar voorgeneem om nie matriekafskeid toe te gaan nie. |
| | E Lien moes aan allerhande maniere dink om geld vir kos te verdien. |

(4 x 1) (4)

4.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.6) neer.

Toe Lien by die huis kom, was haar ma weer in haar kamer en Braam het televisie gekyk. Hierdie situasie lig die sosiale probleem uit van ...

A ouers wat lang ure moet werk.
B kinders wat gedwing word om ouerlike pligte oor te neem.
C kinders wat nie aan buitemuurse aktiwiteite deelneem nie.
D broers en susters wat nie met mekaar oor die weg kom nie. (1)

4.7 Waarom kan 'n mens verstaan dat mense soos die vrou in die uittreksel besluit om te bedel? (1)

4.8 "*Drie afhanklikes. Werkloos. Enige donasie asb!!! Die Here seën u ...*" (Reël 16)

Waarom, dink jy, pas hierdie woorde op die plakkaat so goed by hierdie roman? (1)

4.9 Lees reëls 6 tot 9.

Waarom fokus die skrywer die leser se aandag op Lien wat wonder oor die vrou wat bedel? (1)

4.10 Watter les, dink jy, het tannie Bets vir Lien geleer oor hoe 'n mens probleme kan hanteer? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

... Lien bly 'n rukkie oorbluf voor die woonstelgebou staan. Water drup vanuit die jakarandaboom voor die woonstel op haar kop.

Terwyl sy die trappe opstap, besef sy half verbaas dat dit lyk asof Hein normale ouers het. Iemand in dié skool het 'n gewone ma en 'n gewone pa. Heeltemal doodgewoon.

Die aand terwyl hulle saam met Joe terugry, sê sy vir Miemie dat sy die naweek sal kom. Braam gaan by Deon bly. Hulle hoef nie oor sy maag bekommerd te wees nie. Miemie is uit haar vel. "Cool, cool," sê sy terwyl sy die Pussycat Dolls harder draai.

Braam lê op sy geliefkoosde bank en kyk na 'n sportprogram. In die kombuis is ˈn reuse-bak lasagne waarvan Braam goed die helfte verorber het. Sy trek haar ou rooi sweetpak aan en skep vir haar 'n bord vol kos, wat sy voor die televisie by Braam gaan eet.

"Ma het gebel," sê Braam terloops sonder om op te kyk. Lien verstyf.

"En ...?"

"En wat?"

"Wat sê Ma, jou idioot?"

"Sy kom dalk einde van die week huis toe. Tannie Bets sal haar bring."

Kan dit al vier weke wees? dink Lien benoud. Sy weet nie wat om te voel nie. Sy weet nie wat om te verwag nie. Sy wou nog ... Sou haar ma regtig nie meer ...?

4.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- Lien het 'n pruik geleen en begin bedel.
- Lien het gehoor hoe Hein mondfluitjie speel.
- Lien het haar werk by Millennium Creations verloor.
- Hein se ouers het Lien opgelaai toe sy in die reën huis toe gestap het. (4)

4.12 Miemie en Lien se situasie met hulle pa's was baie dieselfde.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

4.13 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.13) neer.

"Hulle hoef nie oor sy maag bekommerd te wees nie." (Reël 7)

Wat sê dit vir ons van Lien?

A Sy was sarkasties.
B Sy het haar rol as versorger ernstig opgeneem.
C Sy was bly sy hoef nie vir Braam kos te gee nie.
D Sy was bly haar broer gaan nie weer net voor die televisie lê nie. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


4.14 Miemie se uitnodiging het veroorsaak dat Lien van haar vorige vriendinne gedroom het.

Motiveer waarom ons kan sê dat Lien en Braam hul verlange na hul ou lewe verskillend hanteer het. Jy moet in jou antwoord na Lien én Braam verwys. (2)

4.15 Lees reëls 13 tot 15.

4.15.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit hierdie reaksie van Braam kan ons aflei dat hy (graag wou sien wat op televisie aangaan/hom uit die werklike situasie met hulle ma onttrek het). (1)

4.15.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.15.1. (1)

4.16 "Lien verstyf." (Reël 13)

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie reaksie van Lien sê vir ons dat sy (kwaad was vir Braam/bang was dat sy dalk slegte nuus kon hoor.) (1)

4.17 Lien het van verskillende dinge gehou. Noem DRIE dinge. (3)

4.18 In reël 16 noem Lien vir Braam 'n "idioot".

Waarom was dit onregverdig van Lien om Braam 'n "idioot" te noem? (1)

4.19 In reël 18 en 19 vra Lien baie vrae in haar kop. Hoekom is dit effektief? (1)

4.20 Braam het min gedoen om dinge in die huis vir hom en Lien beter te maak.

Wat sou jy gedoen het as jy in Braam se situasie was? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

**VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

*Jakkie stap weg.*

MAMA *(begin weer huil).* En hulle sê hy's 'n leader.

MOSIE. My sustertjie, ek like nie hierdie riots nie, ek like dit nie dat die kinders die owerhede tease en seerkry nie, of lat hulle my kar stop en skree donate! donate! totlat ek vir hulle petrol vir hulle petrol bombs uittap nie. Maar my sustertjie, ek kan nie dit help nie, daar's iets in my hart wat sê: At last. Maar ek druk dit af in my hart, want hierdie manier is nie die Here se manier nie. En dan kom dit weer in my hart: At last.

POPPIE. Nóú baklei julle. Hoekom het julle nie vir my baklei toe ek so swaargekry het nie.

JAKKIE *(staan by die kinders).* Ek baklei vir jou, Sisi. Ek baklei vir jou en jou kinders. Ek gooi die klippe nie teen die nylons nie, maar teen die wet.

MAMA *(kom nader).* Sisi, Jakkie is gevang! Hy't gister saam gemarch met die kinders in die stad. Die polisie het hom uitgesoek, want hulle sê hy's al groot, wat soek hy tussen die skoolkinders, hy's 'n leader. Hy't gesê vir hulle: Ek het maar in die stad geloop en toe kom die kinders, toe march ek saam. Maar hulle het hom nie geglo nie.

5.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) neer.

Nadat Poppie en haar gesin geforseer is om uit Lambertsbaai te trek, het hulle (5.1.1) ... toe gegaan. As gevolg van die (5.1.2) ... het Poppie gereeld gesukkel om werk te kry. Sy het gesukkel om haar permit elke paar (5.1.3) ... te hernu. (5.1.4) ... het vir haar man gevra om sy kontakte te gebruik om Poppie te help. (4)

5.2 "*Jakkie stap weg.*" (Reël 1)

Hierdie skuinsgedrukte woorde is toneelaanwysings. Gee EEN rede waarom dit gebruik word. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.3 Nádat Poppie en haar gesin die eerste keer moes trek, het haar probleme erger geword.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.3.1 tot 5.3.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.3.1 | Daar was nie genoeg huise in die Kaap vir almal nie. | A | Poppie het ophou baklei en gedoen wat hulle gesê het sy moes doen. |
| 5.3.2 | Die mense het hul pasboekies weggegooi of aan die brand gesteek. | B | Poppie se gesondheid het agteruitgegaan. |
| 5.3.3 | Die pasbeampte het vir Poppie gesê sy moet Ciskei toe trek. | C | Poppie het nou meer kinders gehad om te versorg. |
| 5.3.4 | Bonsile se kind is gebore. | D | Poppie en haar mense het in vrees geleef vir die polisie. |
| | | E | Poppie-hulle het in slegte omstandighede gebly. |

(4 x 1) (4)

5.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.4) neer.

"MAMA *(begin weer huil).* En hulle sê hy's 'n leader." (Reël 2)

Dit was vir Mama 'n probleem dat mense Jakkie as 'n leader gesien het, want hy sou ...

A nie 'n permanente werk kon kry nie.
B ander mense na hulle huis toe bring.
C nie sy pligte by die huis kon nakom nie.
D dalk eendag in groot moeilikheid beland. (1)

5.5 "Ek gooi die klippe nie teen die nylons nie, maar teen die wet." (Reël 12)

5.5.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Jakkie se woorde dat hy die klippe teen die wet gooi, word (simbolies/sarkasties) bedoel. (1)

5.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 5.5.1. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


5.6 Jakkie se woorde dat hy vir Poppie en haar kinders baklei (reël 11), sê vir ons dat hy net aan homself en sy eie mense gedink het.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

5.7 "POPPIE. Nóú baklei julle. Hoekom het julle nie vir my baklei toe ek so swaargekry het nie." (Reël 9 en 10)

Waarom kan ons sê dat hierdie woorde van Poppie selfsugtig is? (1)

5.8 In reël 9 en 10 sê Poppie dat sy swaargekry het.

Verduidelik wat die "swaarkry" is waarvan Poppie hier praat. Noem TWEE dinge. (2)

5.9 Waarom kan ons verstaan dat Mosie "at last" twee maal gebruik (in reël 6 en 8) wanneer hy dink aan die verandering wat die riots gebring het? (1)

5.10 In haar laaste spreekbeurt noem Mama dat Jakkie gevang is omdat hy saam met die kinders ge*march* het.

Wat kan jy uit Jakkie se aksies leer? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

POPPIE. My kinders is veilig. Hulle het niks gedoen nie. Hulle is innocent. Aan hulle kan die C.I.D. nie vat nie. Lat hulle tog maar vir Jakkie kry, lat die dinge op 'n end kom. Lat ons tot rus kan kom. Lat my kinders in rus en vrede gelos kan word. Bonsile weet niks nie. Nomvula, Thandi weet niks nie.
MOSIE. Maar hulle het nie vir Jakkie gekry nie. *(Geboë, lyk verouderd.)*
POPPIE. Is Mama en Baby terug?
MOSIE. Mama is terug. Baby is ook terug.
POPPIE. Het hulle seergekry in die selle? As hulle vir Mama seergemaak het ...
HOEDJIE. Hulle het nie vir Mama seergemaak nie. Hulle het Mama gelos kort nadat hulle van jou af weg is.
MOSIE. Hulle het Herschel toe gebel en gesê: Gaan soek daardie mannetjie wat ons so mee sukkel, gaan vang hom by die adres van hierdie mense.
POPPIE. Het hulle hom gevang? Hoekom lyk jou gesig dan so anders? Wat hou jy in jou hart gebêre van my af weg?
MOSIE. Dit lyken vir my lat hy Mdantsane toe is om vir Bonsile te gaan sê: Gaan neem my Herschel toe lat ek daar oor die grens kan gaan na Basoetoland toe.
POPPIE. En het hulle toe vir Jakkie gekry?
MOSIE. Hy was klaar oor die grens gewees toe die poeliesse daar kom.

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- 'n Dwaalklip het Vukile tydens die Kersdag-riots van 1976 getref.
- Plank was dronk en is deur die kinders geslaan.
- Poppie het aanvaar dat die Here in beheer is van almal se lewens.
- Die nylons het Ma Lena en Baby kom haal vir ondervraging oor Jakkie. (4)

5.12 Verskillende karakters in die drama het vir Poppie iets geleer. Noem EEN ding wat Poppie by ELK van die volgende karakters geleer het:

- Hoedjie
- Ouma Hannie
- Poppie se skoonfamilie (3)

5.13 Waarom is Poppie se woorde oor Bonsile (reël 4) ironies? (2)

5.14 "POPPIE. Het hulle seergekry in die selle? As hulle vir Mama seergemaak het ... " (Reël 8)

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die ellips hier wys vir ons dat Poppie reg was om (te baklei/terug te staan) as Mama en Baby seergekry het in die selle. (1)

5.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.15) neer.

"Wat hou jy in jou hart gebêre van my af weg?" (Reël 13 en 14)

Uit hierdie woorde van Poppie kan ons aflei dat sy ...

A nie vir Mosie vertrou het nie.
B wou weet wat Mosie gevoel het.
C belanggestel het in Mosie en sy probleme.
D geweet het haar broer hou iets van haar af weg. (1)

5.16 Wat is die verskil in Poppie se houding teenoor Jakkie voordat **en** nadat sy gehoor het dat Bonsile gevang is? (2)

5.17 Waarom het Poppie gedink dat dit goed was vir haar kinders om nie in die Kaap te wees nie? (1)

5.18 Mosie moes die nuus van Bonsile aan Poppie oordra.

5.18.1 Hoe bewys Mosie se hantering van hierdie saak dat hy 'n goeie broer is? (1)

5.18.2 Hoekom voel jy jammer vir Mosie in hierdie situasie? (1)

5.19 Die dramaturg beskryf dit wat tydens die *riots* gebeur het in baie detail.

Wat, dink jy, was die dramaturg se doel hiermee? (1)

**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

Dan, skielik, en sonder enige twyfel, en sommer hier naby, brul 'n leeu.
Daar is 'n pouse, en dan 'n katel wat kraak. Katrien se silhoeët word sigbaar waar sy vinnig voor die oop venster orent sit in haar bed.
Die leeu brul weer. En Hendrik se katel kraak.

KATRIEN: Hendrik? Hoor jy dit?
HENDRIK: Dit klink kompleet nes 'n leeu!

'n Vuurhoutjie kras en Hendrik steek 'n kers op. Die leeu brul weer.

HENDRIK *(kyk verbysterd op na Katrien toe)*: Dis God weet 'n leeu!

26. Dis vroegdag. Die stasie en werf is net-net lig. Hendrik, in sy nagklere en spoorwegstewels, haelgeweer in die hande, kom onseker aangestap. Katrien, in haar nagkabaai, reg agter hom. Klein Willem drie tree agter haar. Emma tien tree agter Willem. Hulle kom tot op 'n punt – dan steek Hendrik vas en die ander drie dam agter hom op. Daarna kom hulle tree vir tree nader. Maar soos slaapwandelaars. Soos mense wat 'n ruimtetuig sien land en nou op die ding afstap.
Oplaas word dit duidelik wat die vier sien: 'n trein. Die trein staan op die syspoor. 'n Goederetrein. Vol dierehokke. Hokke met olifante, perde – en leeus!
Hendrik, Katrien en die twee kinders loop in 'n dwaal van trok tot trok en verkyk hulle aan die gedoente. Daar is geen lokomotief nie. En daar is nêrens 'n mens te sien nie.

6.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.4) neer.

Die sirkustrein het op 'n klein stasie in die Karoo gestop. As (6.1.1) ... was dit Hendrik se werk om te gaan kyk wat daar aangaan. Sy vrou, Katrien, is (6.1.2) ... en hoop om eendag van die stasie af te kan wegkom. Hulle seun, Willem, het 'n spraakprobleem wat volgens (6.1.3) ... deur angs veroorsaak is. Nadat Willem en Manuel maats geword het, het hulle baie tyd saam in 'n ou (6.1.4) ... deurgebring. (4)

6.2 "*(kyk verbysterd op na Katrien toe)*" (Reël 8)

Hierdie skuinsgedrukte woorde is toneelaanwysings. Gee EEN rede waarom dit in hierdie teks gebruik word. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

6.3 Manuel het Willem baie gehelp.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.3.1 tot 6.3.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.3.1 Manuel en Willem het met die olifant geloop. | A Willem kon op 'n manier weer kommunikeer. |
| 6.3.2 Manuel het vir Willem geleer dat diere ook kan praat. | B Willem het dit reggekry om sy gesin saam te laat kuier. |
| 6.3.3 Manuel het vir Willem van sy toertjies geleer. | C Willem het teen die skuur se muur geteken. |
| 6.3.4 Manuel het Willem se gesig geverf. | D Willem het geleer dat hy Manuel kon vertrou. |
| | E Willem het Manuel se konsertina leer speel. |

(4 x 1) (4)

6.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.4) neer.

Nollie het vir Emma gehelp toe Bertie met haar gelol het. Hierdie was 'n draaipunt in Emma en Nollie se verhouding omdat Emma besef het dat Nollie ...

A 'n aggressiewe mens is.
B net haar aandag wou trek.
C regtig vir haar omgegee het.
D net wou hê dat Hendrik van hom moes hou. (1)

6.5 "Emma tien tree agter Willem." (Reël 11 en 12)

6.5.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Die feit dat Emma tien tree agter Willem loop, dui op die (simboliese/ironiese) afstand in haar verhouding met haar gesin. (1)

6.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.5.1. (1)

6.6 Hendrik het nie geweet dat daar gedurende die nag 'n trein op sy stasie sou stop nie.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.7 Verduidelik waarom dinge in die McDonald-huishouding hierdie oggend anders was. Gee TWEE redes. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

6.8 In hierdie uittreksel word daar drie keer genoem dat die leeu brul. Wat is die funksie daarvan? (1)

6.9 Waarom is dit gepas dat die skrywer die McDonalds as slaapwandelaars wat buitentoe loop, beskryf? (Reël 13) (1)

6.10 Hendrik het gesukkel om die vreemde situasie op sy stasie te hanteer.

Wat kan jy uit Hendrik se hantering van hierdie situasie leer? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

EMMA: Ja? *(Hy loop tot by die klavier, lig die deksel op, haal die lappie af en draai dan om na Emma toe.)* Wat, Willem?
WILLEM: ... Speel.

Hendrik, sy hand halfpad na sy mond toe met 'n sny brood, laat die brood sak. Katrien sit die bord neer wat sy pas opgetel het. Nollie kyk vir Emma, vir Willem, vir Emma. Emma sit net lam vir Willem en kyk. Willem kom terug na haar toe en vat haar hand. Sy staan op en loop agter hom aan tot by die klavier. Sy gaan sit. Kyk net vir die klawers.

EMMA *(ná 'n rukkie):* Ek kan nie. *(Sy kyk vir Willem wat amper teen haar staan.)* Ek ... kan nie meer nie.

Willem lig sy hand stadig op en bring dit tot by 'n klawer. En druk dit baie versigtig. Die noot hang huiwerig in die vertrek. Ná 'n rukkie lig Emma haar hand op en druk 'n ander noot. Sy kyk vir hom, en hy knik en glimlag.

WILLEM: Speel, Emma.

Sy kyk om na haar ma. Haar ma knik met haar kop. Almal sit roerloos vasgenael en kyk. Dan begin Emma baie huiwerig, stadig, onseker, met net een vinger speel. Met twee vingers. Dan, soekend, begin sy ook die linkerhand gebruik. Sy maak foute, soek akkoorde. Maar Emma speel.

6.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- Nollie en Emma het saam Volstruisdans toe gegaan.
- Nollie het op Emma afgekom terwyl sy in 'n sinkbad gesit het.
- Nollie en Emma het saam by die waterstroompie gesit en gesels.
- Nollie het met sy fiets agter Emma aangery om met haar te gesels. (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com

6.12 Verskillende karakters in die drama het vir Emma iets geleer. Noem EEN ding wat Emma by ELK van die volgende karakters geleer het.

- Katrien
- Hendrik
- Nollie (3)

6.13 Lees weer reëls 4 tot 6.

Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die karakters se reaksie wys vir ons dat hulle (verbaas/verskrik) is oor Willem wat ewe skielik begin praat het. (1)

6.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.14) neer.

"WILLEM: Speel, Emma." (Reël 16)

Willem vra vir Emma om klavier te speel, want hy het ...

A geweet sy pa hou van musiek.
B gedink sy gaan vergeet wat sy geleer het.
C gehoop dit help haar om weer gelukkig te wees.
D gehoop dat hy en Emma later saam musiek kan maak. (1)

6.15 "Sy kyk om na haar ma." (Reël 17)

Watter innerlike konflik het Emma op hierdie oomblik ervaar? (2)

6.16 Watter verskil is daar in Emma se lewe voordat Manuel se paljas begin werk het **en** nadat dit gewerk het? (2)

6.17 Waarom was dit goed vir die McDonald-gesin dat Willem weer begin praat het? (1)

6.18 Lees weer reël 19 en 20.

6.18.1 Hoekom het Emma eers met een vinger, toe twee en later met albei hande gespeel? (1)

6.18.2 Die gesin was vol emosie toe Emma wel begin speel.

Hoe het hierdie emosionele toneel in die drama jou laat voel? (1)

6.19 "Sy maak foute, soek akkoorde. Maar Emma speel." (Reël 20 en 21)

Watter boodskap oor die lewe kry jy uit hierdie woorde? (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS M**

FIELA: Hoor hoe lieg so 'n man, baas! Ek het nooit so iets gesê nie. Ek wil 'n klag lê oor 'n besigheid waarvan net die magistraat weet.

KONSTABEL: Watse besigheid?

FIELA: Twee wit mans het my kind agter in die Lange Kloof kom vat en gesê die magistraat van Knysna het hulle gestuur. Hulle sou die kind Saterdag teruggebring het en ek wag nou nog vir hulle. *(Op band.)* Seil, Fiela, seil. *(Gewone spraak.)* Nou staan ek hier voor baas en ek vra vir baas om vir die magistraat te loop sê dat Fiela Komoetie van die Lange Kloof hier is om hom te sien en die klag te lê.

KONSTABEL: Praat jy nou van die wit kind wat agter die berg gehaal is?

FIELA: Ag, Here, baas, ek het op jou gesig gesien jy is 'n wit man wat van dinge sal weet. Dis van einste hom wat ek praat. Van Benjamin Komoetie, die hanskind wat ek soos my eie grootgebring het. *(Op band.)* Seil, Fiela, seil. *(Gewone spraak.)* As baas my net kan help om by die magistraat uit te kom, sal ek daarvandaan self regkom.

KONSTABEL: Wag net 'n oomblik. *(Af.)*

FIELA *(aan* SKOONMAKER*)*: Word jy gehuur om die besem krom te lê?

SKOONMAKER: Ek staan maar sommer die wêreld en deurkyk, antie. Dit lyk my hy gaat vandag verkeerdekant draai.

7.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (7.1.1 tot 7.1.4) neer.

Fiela Komoetie en haar gesin het op die plaas (7.1.1) ... in die Lange Kloof gewoon. Sy het die plaas by haar (7.1.2) ... geërf. Een aand het Fiela 'n klein seuntjie voor haar deur gekry en hom (7.1.3) ... genoem. Toe hierdie seun omtrent (7.1.4) ... jaar oud was, het die sensusmanne hom by Fiela weggevat. (4)

7.2 Kyk na reël 6 en 13.

Wat beteken dit as die woorde *(Op band)* in die teks gebruik word? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

7.3 Die sensusmanne was die oorsaak van baie van Benjamin se probleme.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.3.1 tot 7.3.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.3.1 | Die sensusmanne het by Fiela se huis opgedaag | A | ... en het besluit om met die magistraat te gaan praat. |
| 7.3.2 | Die dikke het gedink Benjamin kon die verlore Van Rooyen-kind wees | B | ... en het vir Barta gesê om die seun met die blou hempie te kies. |
| | | C | ... en 'n wit kind op die Komoeties se werf gesien. |
| 7.3.3 | Die sensusmanne het gesê daar was net plek vir Benjamin op die kar | D | ... en het gedreig om die konstabel te stuur. |
| 7.3.4 | Die lange het gesien watter klere Benjamin by die hof aangehad het | E | ... en het só seker gemaak dat Fiela nie met die saak kon inmeng nie. |

(4 x 1) (4)

7.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.4) neer.

As ons kyk na hoe Fiela die konstabel van reël 11 af aanspreek, is dit duidelik dat sy ...

A op sy gevoel wou speel om haar te help.
B wou seker maak hy verstaan waarom sy daar is.
C gedink het dat hy die waarheid geken het.
D hom voorberei het op wat die magistraat oor haar kon vra. (1)

7.5 "FIELA: *(aan* SKOONMAKER*)*: Word jy gehuur om die besem krom te lê?" (Reël 17)

Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Die manier hoe Fiela hier met die skoonmaker praat, sê vir ons dat sy (sarkasties/bekommerd) was. (1)

7.6 "Dit lyk my hy gaat vandag verkeerdekant draai." (Reël 18 en 19)

Hierdie woorde van die skoonmaker het waar geword vir Fiela.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


7.7 Die konstabel het vir Fiela gesê wat die magistraat gesê het. Noem TWEE dinge wat die magistraat gesê het. (2)

7.8 Waarom was dit onregverdig van die magistraat om nie vir Fiela kans te gee om hom te sien nie? (1)

7.9 Fiela se kinders was vir haar baie spesiaal.

7.9.1 Hoe het Fiela se optrede nadat die sensusmanne Benjamin weggevat het, bewys dat sy 'n goeie ma is? (1)

7.9.2 Waarom voel jy jammer vir Fiela in hierdie situasie? (1)

7.10 "Seil, Fiela, seil." (Reël 6 en 13)

Watter les kan jy hier by Fiela leer? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS N**

NINA: Ek soek jou al dae lank. Ek het begin glo dat jy seker maar weg is ...

LUKAS: Die laaste wat ek van jou gehoor het, was by *miss* Weatherbury toe jy sommer net weer aangeloop het. Vir wat het jy dit gedoen?

NINA: Maar jy het dan gesê ek moet vir Pa loop sê jy kom nie weer terug nie. Jy het my dan gestuur. Ek het toe maar net 'n bietjie langer in die Bos gebly. Dis al.

LUKAS: Waar in die Bos?

NINA: By die ou plek. *(Los sy hand en draai haar weg.)* Dis nie meer soos eers nie, Lukas. Die mondfluitjie is vals geroes, die bottels is vuil en van die torre ingeneem – ek het hulle toe maar begrawe. Miskien gaan ek ook nie weer terug Bos toe nie.

LUKAS: Nina ... *(Hy kan sy oë nie van haar weghou nie.)* Nina, jy kon nie meer as twee maande in die Bos gebly het nie. Waar was jy nog?

NINA: Ek het op die dorp gewerk. *(Met skuldige laggie.)* By die winkel waar ek die slag die mondfluitjie gesteel het. Ek werk nie meer daar nie, ek het geloop; daar kom te veel snaakse seemanne in wat nie plek het vir hul hande nie.

LUKAS: Jy moet teruggaan huis toe.

NINA: Ek is terug by *miss* Weatherbury. Maar nie as bediende nie. Ek is nou 'n companion.

Downloaded from Stanmorephysics.com

7.11 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- Lukas het Kaliel September ontmoet.
- Lukas het die spookskip by Noetzie gesien.
- Elias het vir Lukas gestuur om op Knysna na Nina te gaan soek.
- Lukas het vir Nina gevra om vir Elias te gaan sê hy is klaar met die Bos. (4)

7.12 "– ek het hulle toe maar begrawe." (Reël 9)

7.12.1 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

In hierdie drama het die bottels wat deur Nina begrawe is, 'n (letterlike/simboliese) betekenis. (1)

7.12.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.12.1. (1)

7.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.13) neer.

Nina het 'n mondfluitjie by die winkel (reël 13 en 14) en 'n kraffie by tant Gertjie gesteel. Dit sê vir ons dat Nina ...

A Elias in die moeilikheid wou bring.
B daarvan gehou het om goed te steel.
C hierdie goed gevat het om haar ryk te laat voel.
D nie opgevoed is om te weet wat reg en verkeerd is nie. (1)

7.14 Verskillende karakters in die drama het vir Lukas iets geleer. Noem EEN ding wat Lukas by ELK van die volgende karakters geleer het.

- Elias
- Nina
- Kaliel (3)

7.15 Hoe verskil Lukas en Nina se verhouding voordat sy terug is Bos toe **en** nadat sy teruggekom het uit die Bos? (2)

7.16 Fiela en *miss* Weatherbury kan albei gesien word as goeie moederfigure.

Verduidelik waarom ons so kan sê. Jy moet in jou antwoord na albei karakters verwys. (2)

7.17 Waarom was dit goed vir Nina om *miss* Weatherbury se companion te wees? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

7.18 Die skrywer het vroeg in die drama gewys dat Benjamin van water en skuitjies gehou het.

Hoe berei dit jou as leser voor vir Lukas se latere besluit? (1)

7.19 Dink aan Lukas se lewe in die Bos saam met die Van Rooyens.

Waarom kan jy respek hê vir Lukas vir die manier waarop hy hierdie deel van sy lewe hanteer het? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale uit die bundel wat jy bestudeer het.

## VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

### 8.1 "ROT IN 'N VAL" – H du Plessis

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS O**

... Sy sit soos 'n rot in 'n val. 'n Siddering trek deur haar lyf, nie so nie, nee, net nie so nie, die arme rot gebreek en bloederig op die vaalvuil vloer.

Laat dit net vinnig oor wees, net vinnig en genadig ...

Agter haar hoor sy die vinnige asemteug, die gesmoorde kreet en Angelina staan bo-op die stoel waarvoor Lerato nog altyd wou kussings maak. Die mes val kletterend op die grond. Lerato staan versteen. Ek moet weg, ek moet uit na die motor toe, dink sy oor en oor, maar haar voete weier om die bevele van haar brein te gehoorsaam.

Angelina brabbel onsamehangend en Lerato se oë volg die rigting waarheen haar angstige hande vreesbevange beduie. Op die vloer sit Igundane, sy ogies glinsterend, sy kaal rotstert lig trillend.

Laat hy tog net so bly sit. Moenie laat Kuku, die kat, inkom nie, bid Lerato woordeloos.

As sy net by die mes en die telefoon kan uitkom.

Sy beweeg voetjie vir voetjie nader. Moenie skrik en wegskarrel nie, liefste Igundane, Igundane, bly net daar sit, my mooiste rotjie, hoe kon ek ooit dink jy's 'n aaklige rooi-oog dierasie.

Die rot roer en Lerato verstrak.

Onder in die gang beweeg 'n skaduwee. Kuku! Lerato se vingers sluit om die gladde hef.

8.1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (8.1.1(a) tot 8.1.1(d)) neer.

Lerato het haar seun by die (8.1.1) (a) ... afgelaai. Daarna het sy by die afdelingswinkel (8.1.1) (b) ... gaan doen. Toe sy by die huis kom, het sy besef dat (8.1.1) (c) ... nie vir werk opgedaag het nie. Sy sou self al die werk moes doen. Daarom was sy bly toe Angelina daar aankom en aanbied om die (8.1.1) (d) ... te was vir iets om te eet. (4)

8.1.2 Lerato se man, Groot Penuel, wou altyd seker maak dat sy vrou veilig is.

Gee DRIE redes waarom ons so kan sê. (3)

Downloaded from Stanmorephysics.com

8.1.3 " 'n Siddering trek deur haar lyf, ..." (Reël 1)

Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Hieruit lei ons af dat Lerato baie (bang/kwaad) was. (1)

8.1.4 "Angelina brabbel onsamehangend en Lerato se oë volg die rigting waarheen haar angstige hande vreesbevange beduie. Op die vloer sit Igundane, ..." (Reël 9 en 10)

Waarom is dit snaaks dat Angelina so bang is vir 'n rot? (1)

8.1.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.5) neer.

" ... bly net daar sit, my mooiste rotjie, hoe kon ek ooit dink jy's 'n aaklige rooi-oog dierasie." (Reël 16 en 17)

Lerato se houding teenoor Igundane was skielik anders, want ...

A sy het gesien dat die rot bang was.
B sy het geweet haar seun was lief vir Igundane.
C sy het gesien hoe die mense in die winkel die rot doodmaak.
D terwyl Igundane daar was, sou Angelina op die stoel bly staan. (1)

8.1.6 In hierdie kortverhaal was Lerato soos 'n rot in 'n val toe Angelina haar met die mes gedreig het.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (8.1.6.(a) tot 8.1.6.(d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) Lerato en haar gesin het in 'n nuwe woonbuurt ingetrek. | A Die rot het voorkom dat Angelina die geld kon steel. |
| (b) Lerato het vir haar man gesê dat sy geld getrek het. | B Lerato het die ambulansdienste gebel. |
| (c) Igundane het uit sy hok gekom. | C Daar het nie ander mense naby die Pitsoanes gebly nie. |
| (d) Lerato was so bang dat sy die polisie se nommer vergeet het. | D Lerato het vir Angelina gesê hoeveel geld sy haar vir die werk sou betaal. |
| | E Angelina het gehoor dat daar geld in die huis was. |

(4 x 1) (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com


8.1.7 Angelina kon Lerato en haar gesin groot skade aangedoen het.

(a) Waarom kan 'n mens sê dat Lerato verkeerd opgetree het deur Angelina dadelik in haar huis toe te laat? (1)

(b) Watter les het jy uit Lerato se optrede (VRAAG 8.1.7 (a)) geleer? (1)

8.1.8 Waarom kan 'n mens verstaan dat Groot Penuel aan die einde van die verhaal besluit het om sy huis te verkoop en te trek? (1)

8.1.9 Hoe kry die skrywer dit reg om in hierdie uittreksel vir jou te verduidelik dat Lerato figuurlik soos 'n rot in 'n val was? (1)

**EN**

8.2 **"DIE WELDOENER" – TT Cloete**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

... Skielik, in die halflig van die fosforsee, sien Gawie iemand op die wit sand van die strand lê. Die liggaam lê ontspanne maar nie gemaklik nie, in 'n onnatuurlike houding, asof die lyf om een of ander rede neergestort het in sy spore en net so bly lê het. Dit laat Gawie nader stap. Hy sien dit is 'n jong man, so iemand wat nou net matriek geslaag het of vars op die universiteit is. Hy is dronk en ruik suur van die braaksel, lê half daarin.

Gawie rol hom op sy rug en praat met hom. Die seun mompel, probeer orent kom. Gawie help hom in 'n sitposisie en praat met hom.

"Wat makeer jou? Is jy siek of net dronk of siek van dronkwees?"

Hy praat swaar, soos een wat stadig uit 'n diep slaap wakker word. Hy hét gedrink en bietjie geslaap. Hy kyk om hom rond, asof hy soek na mense. Iemand het hom beledig, hulle het baklei en hy het seergekry. Sy enkel is ernstig verstuit.

"Hoe het jy hier gekom?"

Hy en sy maats was saam hier. Hulle het hom hier gelos. "Het julle almal gedrink of net jy?"

Nee, hulle het almal gedrink. Seuns en meisies. Almal het saamgedrink, maar teen die einde het hy meer gedrink.

8.2.1 Gawie het baie van musiek af geweet. Noem TWEE feite om te verduidelik watter werk Gawie gedoen het. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com


8.2.2 "Iemand het hom beledig, ..." (Reël 12)

(a) Wat bedoel die jong man as hy vir Gawie sê dat iemand hom beledig het? (1)

(b) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie belediging het (fisiese/emosionele) pyn vir die jong man gebring. (1)

(c) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.2.2(b). (1)

8.2.3 Watter ooreenkoms is daar tussen Gawie se werk en die storie wat die jong man hier vir hom vertel het? (1)

8.2.4 Die jong man het geweet wie sy weldoener was.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

8.2.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.2.5) neer.

Gawie het die jong man gehelp omdat hy ...

A nie wou hê hy moes weer drink nie.
B gehoor het die jong man se pa is baie kwaai.
C besef het sy eie seun mag dalk later in dieselfde situasie beland.
D nie wou hê die ander mense moes die jong man verder spot nie. (1)

8.2.6 Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer.

- Die jong man wou op sy eie by sy huis kom.
- Gawie het die jong man veilig in sy bed gekry.
- Die jong man het vir Gawie vertel waarom hy met iemand baklei het.
- Gawie het vir die jong man vertel dat daar altyd mense sal wees wat jou kritiseer. (4)

8.2.7 Watter verband is daar tussen die titel, 'Die Weldoener', en Gawie se optrede teenoor die jong man? Jy moet in jou antwoord na die titel **en** Gawie se optrede verwys. (2)

8.2.8 Waarom was dit verkeerd van die jong man se maats om hom alleen op die strand te los terwyl hy so dronk was? (1)

8.2.9 Waarom kan ons sê dat die jong man se eie ouers onverantwoordelik was? (1)

8.2.10 Watter les het jy geleer uit die jong man se ervaring van groepsdruk? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte uit die bundel wat jy bestudeer het.

## VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### 9.1 "HUISKAT" – Elizabeth Eybers

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**HUISKAT – Elizabeth Eybers**

Die kat strek hoog op vier strak bene, buig
behaaglik om haar luiperdlies te lek,
rol om en lê fluwelig oopgevlek
dat keel en bors en buik die son kan suig.

Ons noem haar "kat" want sy is sonder siel
en anoniem. Smal skerwe van agaat
staar koud uit die driehoekige gelaat.
Arglistig, vloeibaar soos 'n blink reptiel

van los en lenig wees versadig: sy
sal nooit – die veearts het haar "reggemaak" –
ekstase en angs van lewe voortbring smaak,
sal, steeds eenselwig, alle teerheid stuit.
Ek hol my hand behoedsaam, smalend sluit
sy haar oë, kronkel by my greep verby.

[Uit *Versamelde gedigte*,Human en Rousseau en Tafelberg, 1980]

9.1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (9.1.1(a) tot 9.1.1(e)) neer.

In strofe 1 word die huiskat met 'n (9.1.1)(a) ... vergelyk. Sy is soepel, want sy (9.1.1)(b) ... en (9.1.1)(c) ... haar lyf gereeld. Die kat se sagte pels word as (9.1.1)(d) ... beskryf. Haar gesig is in die vorm van 'n (9.1.1)(e) ... . (5)

9.1.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.1.2) neer.

In reël 4 word die voegwoord **"en"** herhaal om ...

A by die stadige tempo van die gedig te pas.
B seker te maak dat die reëls wat rym ewe lank is.
C te verduidelik dat dit tipies van katte is om net rond te lê.
D te beklemtoon dat die kat haar hele lyf in die son wil laat bak. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


9.1.3 Watter verband is daar tussen die titel,"Huiskat", en reël 5 en 6? Jy moet in jou antwoord na die titel **en** die 2 versreëls verwys. (2)

9.1.4 In strofe 2 lees ons dat die kat koud na mense staar. Haal DRIE OPEENVOLGENDE woorde uit strofe 3 aan wat hierby aansluit. (1)

9.1.5 Kies die begrip in KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (9.1.5(a) tot 9.1.5(d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) "**b**uig **b**ehaaglik" | A vergelyking |
| (b) "skerwe van agaat" | B assonansie |
| (c) "vloeibaar soos 'n blink reptiel" | C alliterasie |
| (d) "st**ee**ds **ee**nselwig" | D metafoor |
| | E kontras |

(4 x 1) (4)

9.1.6 "– die veearts het haar 'reggemaak' " (Reël 10)

(a) Waarom dink sekere mense dat dit die regte ding is om te doen? (1)

(b) Waarom dink ander mense dat "reggemaak" nié die regte ding is om te doen nie? (1)

9.1.7 Watter EEN woord in strofe 3 sê vir ons dat die spreker nie weet watter reaksie om van die kat te verwag nie? (1)

9.1.8 Hoe bewys die kat teenoor die spreker dat sy nie die spreker se toenadering soek nie? Verduidelik dit in jou **eie woorde**. (1)

9.1.9 Watter les kan jy uit hierdie gedig leer? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

9.2 **"PALIMPSES" – Johann de Lange**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**PALIMPSES – Johann de Lange**

Bome skryf teen die blou
kreukellose lug dinge
wat niemand verstaan nie.
Houtkappers kom met byle
en vel die bome.
Meulens saag en maal
en pulp en plet die hout.
Stil is die bome;

stil, net tot hy kletterend
met sy tikmasjien
uit selfs die fynste grein
die hele gamma van woord
en pyn ring op ring
deur hierdie oggend laat dein.

[Uit *vonk@verse 2*, Best Books, 2011]

9.2.1 Skryf 'n voorbeeld van personifikasie uit strofe 1 neer. (1)

9.2.2 Lees strofe 1.

Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Hierdie strofe handel oor die (versorging/vernietiging) van bome. (1)

9.2.3 Gee DRIE feite uit strofe 1 wat aandui wat met die bome gebeur. (3)

9.2.4 Noem EEN **tegniek** wat die digter gebruik om die bome se stilte te beklemtoon. (Reël 8 en 9) (1)

9.2.5 Lees reël 9 en 10.

(a) Wat sou die letterlike betekenis van "kletterend" wees? (1)

(b) Waarom sou ons kon sê dat hierdie betekenis in vandag se lewe nie meer so relevant is nie? (1)

9.2.6 Lees strofe 2.

(a) Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Hierdie strofe dra 'n (positiewe/negatiewe) boodskap uit. (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.2.6(a). (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

9.2.7 Hoe verskil dit wat die bome skryf (strofe 1) van dit wat die digter skryf (strofe 2)? Jy moet in jou antwoord na die bome **en** die digter verwys. (2)

9.2.8 Waarom kan ons sê dat die bome **en** die digter pyn ervaar? (Reël 13) (2)

9.2.9 Die tema van hierdie gedig is 'n universele tema.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

9.2.10 Hoe het die digter daarin geslaag om die titel en die storie van bome by mekaar uit te bring? Jy moet in jou antwoord na die titel **en** die inhoud van die gedig verwys. (2)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**2023**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 39 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou* 

Downloaded from Stanmorephysics.com


**INHOUDSOPGAWE**

**Kies TWEE afdelings.**


| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN**<br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 4 |
| 2. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 7 |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 10 |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 13 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – die drama* | 35 | 17 |
| 6. *Paljas* | 35 | 20 |
| 7. *Fiela se kind – die drama* | 35 | 24 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br>**Beantwoord vrae oor TWEE kortverhale.** | | |
| 8. *Spieëlbeelde* | | |
| 8.1 "Rot in 'n val" | 17 | 28 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Die weldoener" | 18 | 30 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br>**Beantwoord vrae oor TWEE gedigte.** | | |
| 9. *Verskuns vir Eerste Addisionele Taal* | | |
| 9.1 "Huiskat" | 17 | 32 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Palimpses" | 18 | 34 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| ALGEMENE NASIENRIGLYNE |
|---|
| • As 'n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.<br>• Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.<br>• As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.<br>• As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.<br>• As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd beskou. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.<br>• By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.<br>• As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.<br>• By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.<br>• Indien die kandidaat antwoorde met Engelse woorde in gee, druk die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. 'n Uitsondering is die Engelse terminologie of woordeskat in die voorgeskrewe werke.<br>• Indien vergelyking, innerlike konflik, ironie, kontras, ooreenkoms, verskil, verband of verandering gevra word, verdien die kandidaat 1 punt indien slegs een kant gestel word en 2 punte indien albei kante gestel word. Indien die kandidaat se antwoord die verskil na beide kante omskryf, m.a.w. die een antwoord sluit beide kante in, word 2 punte toegeken.<br>• Indien 'n verduideliking gevra word, moet die denkprosesse van die kandidaat gevolg word om te bepaal of die antwoord gegee is. Moenie slegs die eerste sin nasien nie. Indien 'n feitefout die argument beïnvloed of omvergooi, word daar nie verder gelees nie. Indien die feitefout onbenullig is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.<br>• By aanhalings moet opdragte uitgevoer word, byvoorbeeld EEN WOORD beteken slegs een woord. Dit kan uitgelig word (aanhalingstekens, hoofletters, geglim, onderstreep).<br>• Indien die kandidaat twee of meer feite moet gee, kan dit in ('n) sin(ne) of met koeëlpunte gegee word. Sien eerste twee feite na ongeag horisontaal of vertikaal. |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**AFDELING A: ROMAN**

**VRAAG 1: *KRINGE IN 'n BOS* – Dalene Matthee**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1.1 | Pictor | 1 |
| 1.1.2 | (Freek) Terblans | 1 |
| 1.1.3 | vernedering | 1 |
| 1.1.4 | dood | 1 |
| 1.2 | Die Bosmense het...<br>• in 'n boom geklim.<br>• hulle klere op die grond gegooi.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.3 | Jozef bedoel dat Saul mal/simpel is/dinge dink wat onmoontlik is/anders as die Bosmense dink.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.4.1 | B/Saul het vir die eerste keer ervaar dat olifante gevaarlik is. | 1 |
| 1.4.2 | D/Saul het besef dat die grootmense in leuens geglo het. | 1 |
| 1.4.3 | A/Saul se idee van die wêreld het verander toe hy sien hoe sy pa verneder word. | 1 |
| 1.4.4 | E/Saul het geleer dat die houtbesigheid 'n baie skewe sirkel is. | 1 |
| 1.5 | B/begrip vir sy broer gehad het. | 1 |
| 1.6 | • Jozef het ...<br>○ gedoen waarin hy geglo het.<br>○ sy gesin/familie altyd eerste gestel.<br>○ hard gewerk.<br>○ sy werk met trots gedoen.<br>○ as Bosmens 'n goeie voorbeeld gestel.<br>• Jozef was 'n goeie oudste broer/het Saul se werk ligter gemaak/Saul beskerm.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.7 | Die Bos was die Bosmense se hele wêreld. 'n Mens sou verwag dat Jozef alles in die Bos sou beskerm en bewaar.✓ Jozef se voorstel (om geld uit die olifante te maak) sou beteken dat hulle die olifante moes skiet/die Bos se natuurlike lewe uitroei.✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.8 | • Saul het nie ingepas nie.<br>• Saul het nooit deel van die gesin gevoel nie.<br>• Saul het nie soos sy pa (oor die Bos) gedink nie.<br>• Saul en sy pa se verhouding was anders as Joram en Jozef se verhouding.<br>• Saul en sy pa het mekaar nie goed verstaan/saamgestem oor dinge nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.9 | Jozef het ...<br>• 'n sukkelbestaan gevoer.<br>• al armer geword.<br>• 'n verkeerde besluit geneem om nie goud te delf nie.<br>• in 'n posisie beland waar hulle bron van inkomste vernietig is/die Bos uitgekap is.<br>• sy kind aan die dood afgestaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.10 | Die skrywer wil **die leser voorberei** op die feit dat ...<br>• daar later in die roman 'n spesiale band tussen Saul en Oupoot ontwikkel het/Oupoot Saul se dier-broer geword het.<br>• Oupoot later in die roman altyd daar was/voor Saul kom staan het wanneer Saul deur moeilike tye gegaan het.<br>• Saul later in die drama tydens al die belangrike gebeure in sy lewe vir Oupoot gesien het.<br>• Saul vir Maska sou vra of 'n olifant 'n mens kon uitsoek om 'n band mee te hê.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.11 | • Saul het mense na Crompton se hotel toe vervoer.<br>• Saul het Kate in Meulbos raakgeloop.<br>• MacDonald het geweier om hout van enige Barnard te koop.<br>• Saul het in Swellendam gaan woon.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| | | |
| 1.12 | • Hulle het albei gevoel dat jy net moet afkap wat jy nodig het.<br>• Oom Abraham het net die (gedeelte van die) boom afgekap wat hy wou gebruik. Saul wou hê die houtkappers moes net bome kap wat hulle nodig het./Saul het vir die delwers gesê om kreupelhout as brandhout te gebruik.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.13 | D/Knysna die plek is waar hy die gelukkigste sou wees. | 1 |
| | | |
| 1.14.1 | verander het | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.14.2 | • Toe hulle ontmoet het, wou oom Abraham nie vir Saul inneem en leer meubels maak nie.<br>• Oom Abraham is nou hartseer dat Saul moet gaan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 1.14.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 1.14.2 te verdien. )* | 1 |
| | | |
| 1.15 | nie meer innerlike konflik gehad het nie. | 1 |
| | | |
| 1.16 | • die Bos/die natuur/bome/olifante<br>• goud/om te leer delf<br>• om meubels te maak<br>• Kate<br>• lees/die biblioteek<br>• die see/skepe/Pictor<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| | | |
| 1.17 | • Saul sou net hout koop met die bosbewaarder se stempel op.✓ MacDonald sou enige hout koop.✓<br>• Saul sou 'n billike/regverdige/goeie prys vir die hout betaal.✓ MacDonald sou (baie) min betaal/die houtkappers uitbuit.✓<br>• Saul sou met geld betaal.✓ MacDonald sou met tabak, koffie en meel/goodfors betaal.✓<br>• Saul sou die hout aanvaar waarvoor hy gevra het.✓ MacDonald sou ander hout wou hê as waarvoor hy gevra het.✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Verwys na die Algemene Nasienriglyne.)* | 2 |
| | | |
| 1.18 | • Saul kon die grond bekostig/daarvoor betaal.<br>• Saul het nie teruggekom om moeilikheid te maak nie.<br>• Saul moes soos alle ander voornemende kopers behandel word.<br>• Hulle moes besef het dat Saul se besigheid tot die dorp se voordeel kon wees.<br>• Dit was verkeerd om teen Saul te diskrimineer net omdat hy uit die Bos gekom het.<br>• Saul het baie hard gewerk om grond te kon bekostig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.19 | Dit wys op/**beklemtoon** ...<br>• tydsverloop/verandering van Saul se ruimte.<br>• die einde van Saul se tyd in Swellendam en die nuwe begin in Knysna.<br>• die oorgang van Swellendam na Knysna.<br>• dat daar 'n verandering in Saul se gemoed/gedagtes gekom het/dat Saul nou weet wat hy met die res van sy lewe wil doen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.20 | Ek sou ...<br>• ook (soos Saul) my gevoelens onderdruk het/haar uitgelos het.<br>• ek sou haar steeds gesien het/haar gevra het om te trou, al het haar pa dinge bemoeilik.<br>• met haar probeer gesels het en my kant van die saak gestel het.<br>• besef het dat jy nie van jou gevoelens kan weghardloop nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.1.1 | Bitterberg | 1 |
| | | |
| 2.1.2 | geskenke/presente/ontbyt/kos/oggendete | 1 |
| | | |
| 2.1.3 | Gavin | 1 |
| | | |
| 2.1.4 | grimeer *(aanvaar nie mooigemaak nie)* | 1 |
| | | |
| 2.2 | Hanna het gevoel dat sy...<br>• nie kon doen wat sy wou nie/ingeperk/vasgevang was in 'n gevangenis/tronk was/het gevoel sy was toegesluit/nie kon wegkom/ontsnap nie.<br>• geforseer was om die hele tyd saam met ander mense te wees/nie. eintlik saam met die familie op die berg wou wees nie.<br>• reg was toe sy gesê het dat die vakansie nie 'n goeie idee was nie/gedink het die uitkoms wat Mana wou hê, onrealisties was/dit nooit sou werk nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.3 | Hanna se ma ...✓<br>• was nie soos ander ma's nie/het nie dieselfde dinge as ander ma's gedoen nie/het anders as 'n gewone ma opgetree.<br>• se perspektief op die lewe was vreemd/eksentriek.<br>• het snaaks aangetrek/dinge buite die gewone konvensies van die lewe gedoen.<br>• het nie 'n normale werk gehad nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>Hanna se ingewikkelde gesin ...✓<br>• was baie groot/uitgebreid.<br>• het onder snaakse/onkonvensionele omstandighede ontstaan (proefbuisbaba).<br>• se samestelling was anders as wat normaal is/bestaan uit half-broers en stiefbroers.<br>• het haar gay-pa/moffie-pa ingesluit.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Let wel: EEN antwoord moet oor haar ma wees, en EEN antwoord oor die ingewikkelde gesin. Kandidaat kan ook voorbeelde van die andersheid noem.)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.4 | • Hanna was bly dat sy nie self die foon beantwoord het nie.✓ Hanna was vies vir Mana dat sý die foon beantwoord het.✓<br>• Hanna sou nie geweet het hoe om op Gavin se oproep te reageer nie/wat om vir Gavin te sê nie.✓ Hanna het nie kans gehad om Gavin se aanbod van die hand te wys nie.✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 2.5.1 | D/Sy het die waarde van 'n groot gesin raakgesien. | 1 |
| | | |
| 2.5.2 | C/Sy het die ander gaste die meeste verras. | 1 |
| | | |
| 2.5.3 | E/Hy het almal laat lag omdat hy klere moes dra wat glad nie sy styl was nie. | 1 |
| | | |
| 2.5.4 | A/Hy het almal beter leer ken omdat hy betrokke geraak het by aktiwiteite. | 1 |
| | | |
| 2.6 | A/geen verhouding met Gavin gehad het nie. | 1 |
| | | |
| 2.7 | Hanna ...<br>• praat soos (baie) tieners praat/gebruik Engelse woorde/sleng/tipiese tienertaal.<br>• wonder oor/bevraagteken/beskryf tipiese tienerkwessies.<br>• is (ook) ontevrede met haar ouers en huislike omstandighede.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat kan ook voorbeelde van tienerkwessies noem.)* | 1 |
| | | |
| 2.8 | • Dit was 'n geleentheid vir Gavin om sy optrede aan Hanna te verduidelik/te verduidelik waarom hy 'n afwesige pa was/dat hy tog lief was vir haar.<br>• Dit het vir Hanna en Gavin die kans gegee om tyd saam deur te bring/mekaar beter te leer ken.<br>• Dit het Hanna 'n geleentheid gebied om te sien dat Gavin eintlik 'n goeie/aangename mens is.<br>• Gavin het die tyd op die berg net soveel lekkerder vir almal gemaak.<br>• Gavin kon agterbly by die kinders toe die res moes vertrek.<br>• Gavin het Margot gehelp om haarself te vergewe.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.9 | Ek leer dat ...<br>• ek nie namens ander mense mag besluit nie/ander mense moet toelaat om self te besluit of hulle van iets hou of nie.<br>• ek nie my eie negatiewe opinie op ander mag oorplaas nie.<br>• ek nie oor dinge moet besluit nog voor dit gebeur het nie.<br>• mense se ervaringe van dinge verskil.<br>• ek my vriendin/gesin nie so goed geken het as wat ek gedink het nie.<br>• jou eie opinie oor mense nie noodwendig reg is nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.10 | Die skrywer wil **beklemtoon** dat ...<br>• kommunikasie tussen ouers en kinders belangrik/'n relevante kwessie is.<br>• gesonde verhoudings deur goeie/eerlike kommunikasie gebou word.<br>• daar gereelde kommunikasie tussen ouers en kinders moet wees.<br>• dinge uitmekaarval as daar nie goeie kommunikasie is nie.<br>• mense mekaar eers regtig leer ken wanneer daar goeie kommunikasie is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.11 | • 'n Mensvreterplant het Fabienne se ma ingesluk.<br>• Fabienne se pa het verdwyn.<br>• Fabienne het eers teen dagbreek teruggegaan hotel toe.<br>• Hanna het Fabienne agtergelaat.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| | | |
| 2.12 | • Fabienne was ...<br>○ nie 'n regte karakter in die roman nie.<br>○ Hanna se alter-ego.<br>○ een van die karakters in Hanna se verhale.<br>○ 'n karakter wat Hanna in haar verbeelding uitgedink het.<br>• Sharon was Hanna se beste vriendin.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.13 | C/Hanna jaloers was op Yann en Sharon se verhouding. | 1 |
| | | |
| 2.14 | Sharon en Fabienne ...<br>• was mooi/aantreklik/het 'n mooi glimlag/perfekte tande gehad.<br>• was kinders van ryk ouers.<br>• se ouers het goeie/normale werke gehad.<br>• het in groot/mooi/moderne huise met mooi tuine gewoon.<br>• het elkeen net een sussie/normale/klein gesinne.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 2.15.1 | geïrriteerd was omdat Anna oral saam met hulle gegaan het | 1 |
| | | |
| 2.15.2 | Fabienne ...<br>• wou alleen saam met Jan wees.<br>• was bang dat Jan van Anna gaan hou/Anna bo haar sou verkies.<br>• wou nie Jan se aandag met Anna deel nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 2.15.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 2.15.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 2.16 | misluk | 1 |
| | | |
| 2.17 | • lees<br>• verhale/gedigte skryf<br>• in haar verbeelding leef<br>• tyd saam met Sharon deurbring<br>• alleen wees<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.18 | Fabienne ...<br>• het net aan haar eie belange gedink/gedink aan wat sy wou hê/doen/ bereik.<br>• het haar beste vriendin in haar uur van nood alleen gelos.<br>• gebruik die woorde om Jan te probeer manipuleer om eerder saam met haar te gaan dans.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.19 | • Hanna se verhale lewer kommentaar oor haar omstandighede/ verduidelik hoe Hanna oor haar omstandighede voel.<br>• Dit gee vir ons 'n idee van wat Hanna eintlik uit die lewe wil hê/wat haar dryf.<br>• Dit openbaar Hanna se hartsbegeerte aan die leser.<br>• Dit bou spanning in die verhaal op.<br>• Dit dui op Hanna se (ongelooflike) skryftalent.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 2.20 | • Ek sou my vriendskap met Fabienne bo my gevoelens vir Jan plaas.<br>• Ek sou vir Fabienne vertel wat Jan vir my vertel het sodat sy die waarheid kon weet.<br>• Ek sou nie my vriendin se gevoelens seermaak deur by haar kêrel betrokke te raak nie.<br>• Ek sou vir Jan gevra het om te loop/hom vermy sover ek kon.<br>• Ek sou nie meer so baie tyd saam met Jan deurbring nie.<br>• Ek sou dit so aanvaar het, want ek verdien ook liefde.<br>• As ek dieselfde gevoel het as Jan, sou ek die verhouding 'n kans gegee het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1.1 | Silkwood | 1 |
| 3.1.2 | navorsing/sketse | 1 |
| 3.1.3 | hoofman/kaptein/bestuurder | 1 |
| 3.1.4 | Camilla | 1 |
| 3.2 | • Jacob het nie verwag dat die navorser/Ryna 'n vrou sou wees nie./Jacob het 'n man verwag.<br>• Jacob het nie gedink dat die navorser drie jaar sou bly nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 3.3 | Ryna het teleurgesteld/sleg/ontevrede/ontmoedig gevoel./Ryna het teleurgesteld/ontevrede na Jacob gekyk.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.4 | • Jacob was ontevrede/ongelukkig dat Ryna op die eiland was,✓ maar hy het (nogtans) seker gemaak dat sy niks oorkom nie/na haar welsyn omgesien.✓<br>• Jacob praat gedurig kortaf/onvriendelik met Ryna,✓ maar hy het tog aandag gegee aan belangrike dinge wat haar geraak het.✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 3.5.1 | D/Ryna het besef dat 'n mens 'n permit nodig het om in Salamanderbaai te woon. | 1 |
| 3.5.2 | C/Ryna het standpunt ingeneem teen Jacob. | 1 |
| 3.5.3 | A/Ryna het geweet dat sy onlosmaaklik deel van Meeuland geword het. | 1 |
| 3.5.4 | B/Ryna het besef dat Elsabet baie swaarkry. | 1 |
| 3.6 | C/daar in 'n kort tyd 'n mooi band tussen hulle ontwikkel het. | 1 |
| 3.7 | Die skrywer wou ...<br>• **wys/beklemtoon/uitlig** dat Ryna haar ou lewe agtergelaat het en 'n nuwe lewe op Meeuland begin.<br>• Ryna se nuwe begin **beklemtoon/uitlig.**<br>• Ryna se gedagtes **beklemtoon/uitlig.**<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.8 | • Daar was niks meer oor vir Ryna in die Kaap nie.<br>• Ryna se man en kind was dood.<br>• Ryna het haar gesin/alles wat vir haar kosbaar was (in die brand) verloor.<br>• Ryna wou wegkom van al die slegte herinneringe/negatiewe dinge wat haar man gedoen het.<br>• Ryna wou nie die hele tyd deur die media gepla word nie.<br>• Ryna kon nie 'n nuwe begin op 'n ou plek maak nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.9 | • Meeuland is weg van die vasteland/afgesonder/'n plek waar Ryna onbekend is.<br>• Op Meeuland het niemand iets van haar en haar ou lewe geweet nie.<br>• Meeuland was 'n eenvoudige plek.<br>• Meeuland het weer vir Ryna 'n doel in die lewe gegee.<br>• Op Meeuland was sy na aan die natuur.<br>• Ryna kon meer tyd aan haar kuns/stokperdjie/navorsing bestee.<br>• Niemand op Meeuland het geweet waarom sy regtig daar was nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.10 | Ek kan leer dat ...<br>• ek nie moet toelaat dat mense se onvriendelike/onaangename/ ongasvrye optrede my wegdryf nie.<br>• ek betrokke kan raak by ander mense se probleme om myne ligter te maak/dat my situasie ander dalk kan help.<br>• ander mense se wyshede my kan help om te herstel.<br>• ek my nie moet afsluit van ander mense nie.<br>• ek weer iets moet kry om voor te leef/verantwoordelik voor te wees.<br>• daar altyd weer 'n kans vir liefde/die versorging van ander is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.11 | • Ryna het vir Doreen van Vincent en Ronnie vertel.<br>• Ryna het by Salamander-Suid begin skoolhou.<br>• Ryna en Elsabet het na die doop van Sheila Song II saam gekuier.<br>• Ryna het by Fred gehoor van die Fortune wat besig was om olie te stort.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| | | |
| 3.12 | • navorsing<br>• kusvoëls<br>• die onderwys<br>• kuns<br>*(Enige DRIE)* | 3 |
| | | |
| 3.13 | gedink het sy weet nie wat regtig aangaan nie | 1 |
| | | |
| 3.14 | D/dat sy bewus was van die gevaar waarin die pikkewyne was. | 1 |
| | | |
| 3.15 | Toe Elsabet probleme/moeilikheid gehad het, het sy teruggegaan Meeuland toe.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.16.1 | vir haar omgegee het | 1 |
| | | |
| 3.16.2 | Janka is later deur Ryna versorg/was baie gelukkig met Ryna in haar lewe.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 3.16.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 3.16.2 te verdien.)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.17 | In die uittreksel is ... ✓<br>• daar skielik baie mense op Meeuland.<br>• daar vreemde mense op die eiland.<br>• daar baie doenigheid.<br>• daar spanning in die lug.<br>• almal bewus van die groot probleem vanweë die besoedeling.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>Gewoonlik ... ✓<br>• is daar (baie) min mense op Meeuland.<br>• is dit net bekende mense wat na die eiland toe kom.<br>• is dit stil en rustig op die eiland.<br>• is alles onder beheer.<br>• versorg die mense self die malgasse.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Verwys na die Algemene Nasienriglyne.)* | 2 |
| | | |
| 3.18 | Janka moes ook Kaap toe gaan om gered te word/gesond te word/te herstel/'n operasie te ondergaan/weer te kon loop.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.19 | • Dit is die manier hoe kinders/maats/familie met mekaar praat.<br>• Dis tipies van seuns om meisies te terg/sarkasties te wees.<br>• 'n Mens kan verstaan dat Janka haar speelding/maatjie sou verdedig.<br>• Dis tipies van 'n klein dogtertjie soos Janka om parmantig/snipperig te wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.20 | • Ek het geleer ...<br>○ van die (ernstige) gevolge van oliebesoedeling.<br>○ dat daar mense/instansies is wat die pikkewyne help/vir die natuur omgee.<br>• Dit moedig my aan/motiveer my om ook my deel vir natuurbewaring te doen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt***

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1.1 | woonstel | 1 |
| 4.1.2 | kos | 1 |
| 4.1.3 | Jakaranda | 1 |
| 4.1.4 | Wouter | 1 |
| 4.2 | In Lien se lewe ...<br>• was daar (ook) dinge wat haar hartseer maak. (Voorbeelde kan gegee word, bv. pa wat in die tronk is en hulle moes verhuis na 'n woonstel/nuwe skool of afwesigheid van ouers/haar pa het ook haar liefde verloor as gevolg van sy misdaad./Lien se ma het nie haar probleme in die gesig gestaar nie./Lien se ouers is nie bymekaar nie.) (Dit is 'n *corny* liedjie.) ✓<br>• het drank (ook) 'n rol gespeel/het haar ma (ook) gedrink om van haar probleme te vergeet. *(whisky by the bottle)* ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 4.3 | • Die liedjie gaan oor hartseer sake/**hartseer** musiek.<br>• Die musiek laat die luisteraar **hartseer** voel/huil.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.4 | • Tannie Bets het met haar gewig gesukkel/Weigh-Less bygewoon om gewig te kan verloor,✓ <u>maar</u> sy het lekker eetgoed gekoop/nie dieetkos gekoop nie/kos gekoop wat nie goed is vir haar gewig nie/gebraaide hoender gekoop.✓<br>• Tannie Bets het baie kos by die winkel gekoop,✓ <u>maar</u> haar yskas was reeds vol kos.✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Verwys na die Algemene Nasienriglyne. Die ironie moet duidelik wees.)* | 2 |
| 4.5.1 | C/Lien het besluit om die rol van Weird Maria te vertolk. | 1 |
| 4.5.2 | B/Lien het geleer dat geld hard praat. | 1 |
| 4.5.3 | E/Lien moes aan allerhande maniere dink om geld vir kos te verdien. | 1 |
| 4.5.4 | A/Lien het besef dat sy nie die enigste kind met 'n afwesige ouer was nie. | 1 |
| 4.6 | B/kinders wat gedwing word om ouerlike pligte oor te neem. | 1 |
| 4.7 | • Daar is nie ander werk om te doen/werksgeleenthede nie.<br>• Mense verloor hulle werk/raak werkloos.<br>• Party mense het nie die opleiding/vaardighede om 'n eie besigheid te begin nie/werk te kry nie.<br>• Mense het afhanklikes vir wie hulle moet sorg.<br>• Mense weet nie wat anders om te doen om geld te maak nie/kry nie ander werk nie.<br>• Dit is gewoonlik die maklikste/gemaklikste/vinnigste uitweg om geld te maak.<br>• Baie mense kry finansieel swaar/het nie geld nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.8 | • Die woorde ...<br>○ lig belangrike aspekte in die roman uit.<br>○ belig die kern van die roman.<br>○ pas by dinge wat in hierdie roman gebeur.<br>• Lien het gaan bedel sodat sy vir haar afhanklikes kon sorg/was in dieselfde situasie as die vrou./Lien en haar ma en boetie was ook drie mense wat gesukkel het.<br>• Vir Lien was enige donasie ook 'n verligting.<br>• Lien se ma het haar werk verloor.<br>• Ander mense het Lien-hulle op verskillende maniere gehelp.<br>• Dit was basies wat Lien op haar plakkaat kon skryf/wat in Lien se lewe aangegaan het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat kan oorkoepelend antwoord of na spesifieke woorde verwys.)* | 1 |
| | | |
| 4.9 | • Die skrywer wil die leser voorberei/sinspeel op die feit dat Lien later in die roman self begin bedel het./Dit voorspel die gebeure later in die verhaal.<br>• Dit gee vir Lien die plan om ook self later te bedel/geld te maak.<br>• Dit skep afwagting/spanning.<br>• Dit wys vir Lien dat ander mense ook swaarkry.<br>• Dit laat die leser wonder wat hy/sy self sou doen as die nood groot was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.10 | Ek dink tannie Bets het vir Lien geleer ...<br>• om hulp/ondersteuning te (kan) vra as jy sukkel of probleme het.<br>• dat dit nie beteken dat jy swak is as jy hulp vra nie.<br>• dat dit verstandig/verantwoordelik is om hulp te vra.<br>• dat as jy nie vra nie, sal mense nie weet dat jy hulp nodig het nie.<br>• om dankbaar te wees vir mense wat bereid is om te help.<br>• om positief te bly/om nie toe te laat dat jou omstandighede jou onderkry nie.<br>• om haar probleme te konfronteer/aan te spreek/daaroor te praat.<br>• om klein vreugdetjies raak te sien.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.11 | • Lien het haar werk by Millennium Creations verloor.<br>• Lien het 'n pruik geleen en begin bedel.<br>• Lien het gehoor hoe Hein mondfluitjie speel.<br>• Hein se ouers het Lien opgelaai toe sy in die reën huis toe gestap het.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| | | |
| 4.12 | • Albei die pa's was afwesig/was nie betrokke by hulle kinders se grootword nie/het hulle kinders min gesien.<br>• Lien se pa was in die tronk. Miemie se pa was gereeld weg vir werk/ was net in sy kantoor wanneer hy by die huis was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.13 | B/Sy het haar rol as versorger ernstig opgeneem. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.14 | Lien het ... ✓<br>• teruggegaan na hulle ou woonbuurt.<br>• dit oorweeg om die tweeling te bel/kon nie haar ou vriende vergeet nie.<br>• nie met die kinders by die nuwe skool gemeng nie.<br>• haar van alle aktiwiteite onttrek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>Braam het ... ✓<br>• na die video's van hul ou lewe gekyk.<br>• 'n nuwe vriend, Deon, gekry.<br>• deel geword van die nuwe skool/krieket gespeel.<br>• opgetree asof hulle vorige lewe nie bestaan het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 4.15.1 | hom uit die werklike situasie met hulle ma onttrek het. | 1 |
| | | |
| 4.15.2 | • Braam wou nie oor sy ma praat nie.<br>• Lien moes alles uit hom trek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 4.15.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 4.15.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 4.16 | bang was dat sy dalk slegte nuus kon hoor. | 1 |
| | | |
| 4.17 | • Musiek/Sy het graag musiek/Norah Jones/haar ma se klavierstuk geluister.<br>• Reis/Sy wou graag reis/ander plekke sien/het graag biblioteek toe gegaan/gaan navorsing doen oor plekke wat sy oorsee wou besoek.<br>• Drama/Sy het daarvan gehou om op die verhoog te speel/na gedigte te luister.<br>• Vriende/Lien het daarvan gehou om tyd saam met Wouter/Miemie/ Hein deur te bring.<br>• Lien het van die gedigte gehou wat Mr. MacMillan vir hulle lees.<br>• Lien het van Mr. MacMillan se kleredrag gehou.<br>• Lien het van hulle ou huis/woonbuurt gehou.<br>• Lien het van haar agtiende verjaarsdagpartytjie gehou.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| | | |
| 4.18 | • Braam is nie regtig dom nie.<br>• Braam was nie lus om veel te praat nie.<br>• Braam was besig om televisie te kyk/wou nie uitbrei nie.<br>• Braam het nie geweet wat Lien vra nie./Lien het gesê "en" en niks verder gevra nie.<br>• Lien het nie haar vraag duidelik gevra nie.<br>• Lien was gefrustreerd/angstig/ongeduldig/het haar frustrasies/ angstigheid oor hulle ma op Braam uitgehaal.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.19 | • Dit beklemtoon/versterk ...<br>○ Lien se onsekerheid/senuweeagtigheid/benoudheid/ontsteltenis oor haar ma se toestand/die toekoms.<br>○ Lien se verwardheid/dat Lien nie geweet het wat om te verwag nie.<br>○ dat Lien nie seker was of dinge nou beter sou wees nie/haar ma nugter sou bly nie.<br>○ die feit dat Lien nie vertroue in haar ma het nie/die vertroue wat herstel moet word.<br>• Dit laat die leser wonder/dink of die ma regtig gaan ophou drink/hulle situasie gaan verander.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 4.20 | Ek sou ...<br>• dieselfde gedoen het/my ook onttrek het.<br>• my suster meer in die huis gehelp/ondersteun het.<br>• probeer het om ook iewers sakgeld te verdien.<br>• my ma aangespreek het.<br>• met iemand oor my verlede gaan praat het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING A** | **35** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING B: DRAMA

### VRAAG 5: POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | Kaap/Nyanga | 1 |
| 5.1.2 | pas/paswet(te) | 1 |
| 5.1.3 | maande | 1 |
| 5.1.4 | Mrs. Swanepoel | 1 |
| 5.2 | • Dit verduidelik die karakters se aksies.<br>• Dit sê wat die karakters op die verhoog doen. **(Aksies/handelinge)**<br>• Dit wys die emosies van die karakters deur hulle aksies. **(Oordrag)**<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)* | 1 |
| 5.3.1 | E/Poppie-hulle het in slegte omstandighede gebly. | 1 |
| 5.3.2 | D/Poppie en haar mense het in vrees geleef vir die polisie. | 1 |
| 5.3.3 | A/Poppie het ophou baklei en gedoen wat hulle gesê het sy moes doen. | 1 |
| 5.3.4 | C/Poppie het nou meer kinders gehad om te versorg. | 1 |
| 5.4 | D/dalk eendag in groot moeilikheid beland. | 1 |
| 5.5.1 | simbolies | 1 |
| 5.5.2 | Jakkie baklei vir vryheid/geregtigheid/beter lewensomstandighede/die wegval van die pas(wette). (Jakkie gooi nie die klippe fisies/letterlik teen die wet/papier nie.)<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 5.5.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 5.5.2 te verdien.)* | 1 |
| 5.6 | Jakkie het nie net vir Poppie en haar kinders baklei nie, maar vir almal wat ...<br>• 'n moeilike/onregverdige lewe gelei/omstandighede gehad het.<br>• deur onregverdige wette onderdruk is.<br>• gesukkel het om werk te kry as gevolg van die wette/pas/permitte.<br>• na 'n beter/veiliger toekoms gesmag het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.7 | Poppie is selfsugtig omdat...<br>• sy nie al een is wat 'n sukkelbestaan gevoer/swaargekry het nie.<br>• ander mense soortgelyke of selfs erger probleme as sy moes deurmaak.<br>• sy hier nie oor ander mense se swaarkry bekommerd was nie, maar net oor haar eie.<br>• sy vergeet het dat haar familie tog altyd daar was vir haar.<br>• sy wou gehad het dat die verandering vroeër moes plaasvind sodat sy nie deur al die moeilikheid moes gaan nie/Lambertsbaai moes verlaat het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.8 | • Stone se dood.<br>• Poppie moes Lambertsbaai verlaat/Ciskei toe gaan/in Mdantsane gaan bly.<br>• Poppie het haar eerste kind verloor.<br>• Poppie moes haar kinders wegstuur van haar af.<br>• Poppie moes lang ure werk/weg wees van haar mense af/ver ry om by haar werk uit te kom/kon partykeer net naweke haar familie sien.<br>• Vukile is dood.<br>• Poppie het min geld verdien.<br>• Poppie moes skool verlaat om Ma Lena se kinders op te pas.<br>• Poppie het baie gesukkel om haar papiere/pas/permitte uit te sorteer (sodat sy in die Kaap kon aanbly/kon werk kry).<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 5.9 | Mosie het gevoel dat...<br>• daar uiteindelik iets gaan gebeur wat hulle lewens beter sou maak.<br>• iemand uiteindelik opgestaan het vir wat reg is/teen die ongeregtigheid.<br>• daar 'n nuwe/beter toekoms aan die ander kant van die riots gewag het.<br>• dinge uiteindelik gaan verbeter/verander.<br>• die verandering waarna hulle so lank gesmag het, uiteindelik aan die gebeur is/verandering op die horison was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.10 | Ek leer dat...<br>• dit nie altyd so slim is om saam met die groep te beweeg nie.<br>• ek my eie kop moet volg.<br>• ek nie onverantwoordelik moet optree nie/moet dink voor ek doen/besef dat my aksies nagevolge het.<br>• ek my by my eie sake moet bepaal/ander mense moet toelaat om hul eie dinge te doen as dit niks met my te doen het nie.<br>• ek nie die gereg moet uittart nie/ek die gereg/wet moet respekteer.<br>• ek moet opstaan vir geregtigheid.<br>• ek moet weet waarvoor ek myself inlaat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.11 | • Plank was dronk en is deur die kinders geslaan.<br>• 'n Dwaalklip het Vukile tydens die Kersdag-riots van 1976 getref.<br>• Die nylons het Ma Lena en Baby kom haal vir ondervraging oor Jakkie.<br>• Poppie het aanvaar dat die Here in beheer is van almal se lewens.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| | | |
| 5.12 | **Hoedjie** het haar geleer ...<br>• dat dit belangrik is om haar papiere/pas te kry/in orde te hou/altyd by haar te hê.<br>• waarheen sy moes gaan om die pas/papiere uit te sorteer. | 3 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| | **Ouma Hannie** het haar geleer ...<br>• van die Xhosa-geloof/tradisies.<br>• om liedjies/gesange te sing.<br>• hoe om hout op haar kop te balanseer.<br>hoe om die lap vir haar kop te draai.<br><br>**Poppie se skoonfamilie** het haar geleer hoe om ...<br>• suurpap/ukukola op die tradisionele manier te maak.<br>• mielies te maal.<br>• koring te bhula.<br>• water te skep.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die kandidaat verdien slegs EEN punt vir EEN ding wat per karakter geleer is.)* | |
| 5.13 | Poppie het geglo dat Bonsile nie betrokke was by Jakkie se probleme nie, ✓ maar hy is juis die een wat Jakkie gehelp het om oor die grens te kom.✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Sien Algemene Nasienriglyne.)* | 2 |
| 5.14 | te baklei | 1 |
| 5.15 | D/geweet het haar broer hou iets van haar af weg. | 1 |
| 5.16 | • **Voordat** sy gehoor het dat Bonsile gevang is, was Poppie tog bekommerd oor wat met Jakkie sou gebeur/dat hy sleg behandel sou word deur die polisie.✓<br>• **Nadat** sy die nuus gehoor het, was sy baie kwaad/ongelukkig/ teleurgesteld dat Jakkie haar kinders betrokke gekry het/het sy nie meer omgegee of die polisie hom sou vang nie.✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Sien Algemene Nasienriglyne.)* | 2 |
| 5.17 | • Poppie het geglo dat hulle 'n veiliger/rustiger/gelukkiger lewe sou hê.<br>• Dit sou hulle beskerm teen die onluste wat in die stede gebeur het.<br>• Hulle sou nie deel geword het van die slegte dinge wat ander mense gedoen het nie/wat die riots mense laat doen het nie.<br>• Hulle sou nie sleg deur die polisie behandel word soos die mense in die townships nie/blootgestel wees aan die manier waarop die polisie mense behandel het nie.<br>• Poppie het geglo dat hulle geleerdheid in Mdantsane kon kry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.18.1 | Mosie het ...<br>• seker gemaak Poppie was voorbereid om die nuus te hoor.<br>• haar nie onverhoeds met die nuus betrap nie/nie dadelik net die nuus uitgeblaker nie.<br>• haar nie laat skrik nie.<br>• haar gevoelens gespaar/haar nie met die nuus seergemaak nie.<br>• seker gemaak dat sy verstaan wat gebeur het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.18.2 | • Dit moes moeilik wees om vir jou eie suster te sê dat haar seun (en dogter) in hegtenis geneem is.<br>• Hy het ook 'n band met Bonsile (en Nomvula) gehad/hy was net so bekommerd oor hulle soos Poppie.<br>• Dit is altyd moeilik om slegte nuus aan iemand oor te dra.<br>• Mosie het geweet dat die nuus Poppie gaan seermaak/dat sy ongelukkig gaan wees/bekommerd gaan wees oor haar kind(ers)/ geskok gaan wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 5.19 | Die dramaturg se doel was om ...<br>• die leser by die gebeure van die tyd te betrek.<br>• die leser te laat verstaan waardeur die mense gegaan het.<br>• die erns van die tyd te beklemtoon.<br>• die leser die vrees en angs van die mense te laat voel.<br>• die mense in te lig/bewus te maak van die ongeregtighede van die tyd.<br>• op die leser se emosies te speel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1.1 | stasiemeester/stasiebestuurder | 1 |
| 6.1.2 | ongelukkig/hartseer/gefrustreerd/eensaam<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.1.3 | (Ou) Dokter | 1 |
| 6.1.4 | skuur | 1 |
| 6.2 | • Dit verduidelik die karakters se aksies.<br>• Dit sê wat die karakters op die verhoog **doen**. **(Aksies/handelinge)**<br>• Dit wys die **emosies** van die karakters/wat die karakters **voel** (deur hulle aksies.) **(Oordrag)**<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.3.1 | D/Willem het geleer dat hy Manuel kon vertrou. | 1 |
| 6.3.2 | A/Willem kon op 'n manier weer kommunikeer. | 1 |
| 6.3.3 | B/Willem het dit reggekry om sy gesin saam te laat kuier. | 1 |
| 6.3.4 | C/Willem het teen die skuur se muur geteken. | 1 |
| 6.4 | C/regtig vir haar omgegee het. | 1 |
| 6.5.1 | simboliese | 1 |
| 6.5.2 | Die afstand tussen Emma en Willem is groot wat wys dat sy haar eenkant hou/afstand hou van die gesin/haarself nie as deel van hulle sien nie/nie deel van die gesin wil wees nie/nie met haar gesin wil meng nie/ongelukkig met haar gesin is.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 6.5.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 6.5.2 te verdien.)* | 1 |
| 6.6 | • Hendrik was kwaad oor die trein wat sonder sy wete daar aangekom het./Hendrik was kwaad omdat niemand hom van die trein laat weet het nie.<br>• Hendrik het almal gebel om uit te vind waar die trein vandaan kom.<br>• Hendrik was net so verbaas soos al die ander om die trein daar te sien.<br>• Daar was niemand by die trein wat vir hom kon sê wat gebeur het nie.<br>• Hendrik het self gesê dat hy van niks geweet het nie/dat niemand hom daaroor ingelig het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.7 | • Die gesin is op 'n vreemde manier wakkergemaak.<br>• Daar was vreemde geluide op 'n stasie wat gewoonlik dooierig is.<br>• Almal was vroeër as gewoonlik wakker.<br>• Hendrik het oral rondgeloop met sy haelgeweer.<br>• Die gesin se normale oggendroetine is omvergegooi.<br>• Willem mag nie alleen bus toe geloop het nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.8 | • Dit beklemtoon die hele idee van iets anders/vreemds wat gaan gebeur.<br>• Dit plaas die fokus op die magiese wat verder gaan ontplooi.<br>• Dit wys vooruit op die verandering wat gaan kom.<br>• Dit versterk die gesin se gevoel van onsekerheid.<br>• Dit versterk die atmosfeer.<br>• Dit beklemtoon die ongeloof oor die vreemde geluid.<br>• Dit skep afwagting/spanning.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.9 | Dit is gepas, want ...<br>• dit was vroeg in die oggend/hulle was nog nie heeltemal wakker nie.<br>• hulle het onseker op die werf rondgeloop.<br>• hulle het nie heeltemal begryp/verstaan wat om hulle aangaan nie.<br>• alles wat hulle geken het, het skielik vreemd gevoel.<br>• hulle kon nie glo wat hulle sien en hoor nie.<br>• hulle het nie geweet wat om te verwag nie/was bang vir wat buite die huis kon wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.10 | Ek kan leer dat ek ...<br>• altyd eers my feite agter mekaar moet kry voor ek kwaad word.<br>• nie oorhaastig moet reageer as iets vreemds in my lewe gebeur nie.<br>• mense 'n kans moet gee om te verduidelik.<br>• eers moet dink voor ek doen/optree/dinge sê.<br>• nie altyd die ergste moet verwag nie.<br>• moet aanvaar dat foute kan insluip.<br>• nie so fyngevoelig moet wees oor dinge wat met my gebeur nie.<br>• oop moet wees vir verandering/dinge wat dalk kan skeef loop in my lewe.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.11 | • Nollie het met sy fiets agter Emma aangery om met haar te gesels.<br>• Nollie het op Emma afgekom terwyl sy in 'n sinkbad gesit het.<br>• Nollie en Emma het saam by die waterstroompie gesit en gesels.<br>• Nollie en Emma het saam Volstruisdans toe gegaan.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| | | |
| 6.12 | **Katrien het vir Emma** ...<br>• geleer om klavier te speel.<br>• sterk waardes geleer oor om getrou te wees aan jou man.<br>• geleer om hardwerkend/behulpsaam te wees.<br><br>**Hendrik** het vir haar geleer om versigtig te wees vir uitlanders/slegte mans.<br><br>**Nollie** het haar geleer ...<br>• wanneer die perdeblomme bloei.<br>• van uithouvermoë/geduldig wees/aanhouer wen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die kandidaat verdien slegs EEN punt vir EEN ding wat per karakter geleer is.)* | 3 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.13 | verbaas | 1 |
| | | |
| 6.14 | C/gehoop dit help haar om weer gelukkig te wees. | 1 |
| | | |
| 6.15 | • Emma wil nie vir Willem teleurstel deur nie klavier te speel nie,✓ tog is sy onseker of sy dit sal kan doen/moet doen/voel sy dat sy dit nie meer kan doen nie.✓<br>• Emma wil vir Willem gelukkig maak,✓ maar terselfdertyd is sy onseker of dit die regte ding is om te doen/regte tyd is daarvoor.✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Sien algemene NASIENRIGLYNE)* | 2 |
| | | |
| 6.16 | • **Voordat** die paljas begin werk het, was Emma afsydig/het nie met die gesin gemeng nie/het haar eie ding gedoen/was gereeld kwaad/het nie klavier gespeel nie/wou niks van Nollie weet nie/wou nie eendag trou nie.✓<br>• **Nadat** die paljas gewerk het, was Emma meer betrokke by die gesin/het meer gereeld gelag/het weer begin klavier speel/het belangstelling begin toon in Nollie.✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Sien Algemene Nasienriglyne)* | 2 |
| | | |
| 6.17 | • Dit was nie meer nodig vir die gesin om so bekommerd oor hom te wees/bang te wees ander mense gaan lelik wees met hom/hom spot nie.<br>• Willem sou met sy gesin kon praat oor die dinge wat hom bang maak./Sy gesin sou hom beter verstaan.<br>• Hy sou nie meer so afhanklik van hulle wees nie./Hy kon nou maats maak buite die huis.<br>• Die mense sou hulle nie meer snaaks aankyk nie.<br>• Die mense sou besef dat hulle oordeel oor die McDonalds verkeerd was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.18.1 | Dit **beklemtoon** dat Emma ...<br>• nog onseker was om te speel/eers haar selfvertroue wou terugkry.<br>• eers seker wou maak dat sy emosioneel gereed was/sterk genoeg was/die moed gehad het om die nuwe fase in te gaan.<br>• lanklaas gespeel het en nie seker is of sy nog kon nie/kon onthou hoe om dit te doen nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 6.18.2 | Ek is/was ...<br>• gelukkig om te sien hoe die gesin weer heel word/die gesinsbande herstel.<br>• emosioneel oor Emma wat iets gespeel het waarvan haar pa/Hendrik gehou het.<br>• opgewonde om te lees dat Emma weer iets gedoen het waarvan sy gehou het.<br>• bly dat Emma weer iets gedoen het wat haar ma vir haar geleer het.<br>• gelukkig dat sy Willem nie teleurgestel het nie.<br>• nie deur hierdie toneel geraak nie.<br>• verlig om te sien hoe Emma emosioneel sterker geword het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 6.19 | Die woorde sê vir my dat ...<br>• daar tye gaan wees wanneer dinge nie reg verloop nie, maar ek moet aanhou/deurdruk/nie tou opgooi nie.<br>• net omdat ek foute begaan het, beteken dit nie ek kan dit nie regstel en vorentoe beweeg nie.<br>• ek uit my foute moet leer.<br>• almal foute maak, maar dit moenie as verskoning gebruik word nie.<br>• dit moeilik is om oor/weer te begin, maar ek moet aanhou/deurdruk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND, DIE DRAMA – Dalene Matthee***

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.1.1 | Wolwekraal | 1 |
| 7.1.2 | pa/pappa/vader | 1 |
| 7.1.3 | Benjamin | 1 |
| 7.1.4 | twaalf/12 | 1 |
| 7.2 | Dit beteken dat ...<br>• die karakter die woorde nie op die verhoog sê nie/dit nie deel van die dialoog is nie.<br>• die woorde vooraf op band opgeneem is en nou net gespeel word.<br>• dit eintlik die karakter se gedagtes is/dit aandui wat die karakter dink.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.3.1 | C/... en 'n wit kind op die Komoeties se werf gesien. | 1 |
| 7.3.2 | A/... en het besluit om met die magistraat te gaan praat. | 1 |
| 7.3.3 | E/... en het só seker gemaak dat Fiela nie met die saak kon inmeng nie. | 1 |
| 7.3.4 | B/... en het vir Barta gesê om die seun met die blou hempie te kies. | 1 |
| 7.4 | A/op sy gevoel wou speel om haar te help. | 1 |
| 7.5 | sarkasties | 1 |
| 7.6 | • Fiela se besoek het nie uitgedraai soos sy gehoop het dit sou nie./Die konstabel het vir haar gesê dat die saak afgehandel is.<br>• Fiela was onsuksesvol in haar poging om met die magistraat te praat/die klag teen die sensusmanne te lê./Die magistraat wou nie na haar luister nie/het klaar besluit./Die magistraat het die kind vir die ander ouers gegee.<br>• Na al die moeite wat Fiela gedoen het om self Knysna toe te loop, kon sy nie met die magistraat praat nie.<br>• Fiela se besoek het haar niks gebaat nie/het nie goed afgeloop nie/ wêreld is omgekeer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.7 | Die saak was **afgehandel** (en niks wat Fiela verder sou doen, sou dit verander nie).✓ Benjamin is saam met sy (**regte) ouers/**die bosvrou/die Van Rooyens Bos toe (en sou nie weer terugkom na Fiela toe nie).✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 7.8 | MAGISTRAAT:<br>• Fiela het Benjamin nege jaar lank versorg/as haar eie kind grootgemaak.<br>• Fiela was die enigste ma wat Benjamin geken het.<br>• Benjamin was lank deel van die Komoetie-gesin/die saak het Fiela en haar hele gesin geraak. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| | • Die magistraat moes na Fiela se kant van die saak ook geluister het/ haar nie net weggestuur het nie.<br>• Fiela het ver geloop om in Knysna te kom/die magistraat kon haar ten minste kans gee om met hom te praat/dit sou net menslik wees om haar in te lig/haar 'n kans te gee.<br>• Die magistraat het die kind laat kom/hom van Fiela se werf af gevat.<br>• Daar is 'n belofte deur die sensusmanne gemaak dat hulle Benjamin Saterdag gaan terugbring, maar dit het nie gebeur nie./Fiela het nie geweet wat van hom geword het nie.<br>• Niemand het haar ingelig oor wat in die hof gebeur het nie.<br>• Die magistraat het nie al die inligting gehad nie.<br>• Die magistraat het nie na Fiela geluister nie, omdat haar velkleur die besluit vir hom makliker gemaak het.<br>BENJAMIN:<br>• Fiela wou net aan hom verduidelik het wat gebeur het.<br>• Fiela wou net seker maak dat hy verstaan het.<br>• Fiela wou hom net groet.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | |
| | | |
| 7.9.1 | Fiela het ...<br>• besluit om amptelik 'n klag te lê teen die sensusmanne wat nie haar kind teruggebring het nie/nie hulle woord gehou het nie.<br>• twee keer te voet geloop om uit te vind waar Benjamin is/vir hom te baklei/haar kant van die saak te gaan stel/die magistraat te probeer oortuig dat hy 'n fout gemaak het.<br>• nie teruggestaan toe die konstabel haar weggewys het nie/toe die magistraat gedreig het om haar uit die gebou te verwyder nie.<br>• steeds probeer uitvind waar Benjamin is, al het die magistraat gesê sy mag nie.<br>• Benjamin se goed Bos toe gevat, al het die magistraat gesê dat hy haar sou laat arresteer.<br>• die Laghaanse se huurgrond vir Benjamin gekoop/met die volstruise geboer om die grond te kon koop.<br>• aanhou hard werk om vir haar gesin te kon sorg.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.9.2 | Ek voel jammer vir Fiela omdat sy ...<br>• die sensusmanne geglo het toe hulle gesê het dat hulle Benjamin sou terugbring/deur die sensusmanne bedrieg is.<br>• gehoop het dat die magistraat regverdig sou wees en na haar sou luister.<br>• nie die kans gekry het om haar kant van die saak te stel nie.<br>• nie behoorlik ingelig is oor wat in die hof gebeur het/watter besluit daar oor Benjamin geneem is nie.<br>• nie kans gehad het om haar kind behoorlik te groet nie.<br>• verbied is om ooit weer iets met Benjamin te doen te hê.<br>• as moeder baie uitdagings moes trotseer, maar steeds nie haar (hans)kind kon terugkry nie.<br>• haar kind verloor het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.10 | Ek kan by Fiela leer dat...<br>• dit partykeer beter is om net stil te bly/jou woorde te sluk/laag te buk as jy verleë is/die minste te wees.<br>• nederigheid 'n goeie eienskap is om te hê/dit met tye belangrik is/beter is as om te wen/jy bereid moet wees om jouself voor mense te verneder as jy hulle nodig het.<br>• jy moet dink voor jy praat.<br>• jy nie oorhaastig moet reageer nie.<br>• sekere situasies taktvol hanteer moet word.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.11 | • Elias het vir Lukas gestuur om op Knysna na Nina te gaan soek.<br>• Lukas het die spookskip by Noetzie gesien.<br>• Lukas het vir Nina gevra om vir Elias te gaan sê hy is klaar met die Bos.<br>• Lukas het Kaliel September ontmoet.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| | | |
| 7.12.1 | simboliese | 1 |
| | | |
| 7.12.2 | • Nina het haar lewe/kinderjare/verlede in die Bos agtergelaat.<br>• Nina het haar lewe in 'n nuwe rigting gestuur/het ander dinge leer ken.<br>• Nina was tevrede met haar nuwe lewe.<br>• Nina se lewe het verander/se bestaan het nie meer net om die Bos gedraai nie.<br>• Dit het Nina se besluit om nie weer terug te gaan Bos toe nie, versterk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan die bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.12.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.12.2 te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 7.13 | D/nie opgevoed is om te weet wat reg en verkeerd is nie. | 1 |
| | | |
| 7.14 | **Elias** het hom geleer ...<br>• hoe om met hout te werk/balke te maak.<br>• om nie jou gesin sleg te behandel/te misbruik nie.<br><br>**Nina** het hom geleer ...<br>• van die lewe in die Bos.<br>• oor die gevare wat die olifante/grootvoete inhou.<br>• wat om te doen as die olifante/grootvoete hom sou jaag.<br>• waar haar geheime plek in die Bos was/bottels waarmee sy musiek maak.<br>• oor verskillende voëls en die geluide wat hulle maak.<br>• dat Elias vinnig kwaad word/aggressief kan wees.<br>• waar die pad uit die Bos is.<br>• wat vriendskap is. | 3 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| | **Kaliel** het hom geleer ...<br>• dat Thesens 'n wit vlag hys as hulle werkers/arbeiders soek.<br>• dat die skepe 'n goeie inkomste bied as jy aan hulle verkoop.<br>• van die lewe by die see/dat jy soutbloed nodig het om op see te kan oorleef.<br>• dat daar verskillende tipe skepe is en waar hulle vandaan kom/die stoomskepe as koolvreters bekend staan.<br>• wat John Benn se rooi vlag vir die skepe beteken.<br>• hoe om seekos (oesters) te vang/uit te haal, skoon te maak en te droog/om selfversorgend te wees.<br>• om aan jou droom vas te hou.<br>• om nie toe te laat dat jou omstandighede jou onderkry nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die kandidaat verdien slegs EEN punt vir EEN ding wat per karakter geleer is.)* | |
| | | |
| 7.15 | • **Voordat** Nina terug is Bos toe, het Lukas haar slegs as sy suster gesien/het hulle 'n broer-suster verhouding gehad.✓<br>• **Nadat** Nina uit die Bos teruggekom het, het Lukas haar as 'n vrou gesien/besef hy het romantiese gevoelens vir haar gehad/lief is vir haar/het haar nie meer as nét sy suster gesien nie.✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Verwys na die Algemene Nasienriglyne.)* | 2 |
| | | |
| 7.16 | Beide vroue het ...<br>• hulle huise oopgemaak vir/hulle ontferm oor kinders wat nie hulle eie kinders was nie.✓✓<br>OF<br>○ **Fiela** het Benjamin voor haar deur gekry en as haar eie grootgemaak.✓ ***Miss* Weatherbury** het vir Nina werk gegee nadat sy by die skoolmeester weg is.✓<br>• probeer om die kinders in hul sorg goed op te voed/maniere te leer.✓✓<br>OF<br>○ **Fiela** het Benjamin leer lees en skryf en hom van die Bybel geleer. ✓ ***Miss* Weatherbury** het vir Nina geleer om soos 'n dame op te tree/reg te praat/op haar taal te let/naaldwerk te doen.✓<br>• hul aanneemkinders/optelkinders/hanskinders teen ongeregtighede probeer beskerm.✓✓<br>OF<br>○ **Fiela** het vir Benjamin baklei toe die sensusmanne/die reg hom van haar weggeneem het.✓ ***Miss* Weatherbury** het gekeer dat Elias aanhou om Nina se geld te vat.✓<br>*(Enige EEN wat na albei karakters verwys of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.17 | As *miss* Weatherbury se companion kon/sou Nina ...<br>• meer met die mense in die dorpsgemeenskap meng/ander maniere/ gewoontes aanleer.<br>• dalk iemand raakloop met wie sy kon trou.<br>• vir haarself 'n naam in die gemeenskap maak.<br>• 'n vrou van aansien word.<br>• die geleentheid kry om meer vriende te maak.<br>• se lewensstandaard verbeter/lewensuitkyk verbreed.<br>• 'n veilige blyplek hê.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.18 | • Ek kon verstaan waarom Lukas, wat in die Bos en op die plaas grootgeword het, so baie belanggestel het in die spookskip by Noetzie.<br>• Ek kon verstaan waarom Lukas dadelik besluit het dat hy klaar was met die Bos/dadelik werk naby die see gesoek het.<br>• Dit verklaar vir my waarom Lukas so graag wou leer roei/bereid was om vir min geld te werk as Kaliel hom sou leer roei/op die loodsboot wou werk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 7.19 | Lukas het ...<br>• die goeie maniere en waardes wat Fiela vir hom geleer het, aanhou uitleef.<br>• hard gewerk.<br>• Elias en Barta met respek behandel, al was die omstandighede nie goed nie./Elias se reëls gevolg al het dit hom seergemaak.<br>• probeer om die beste van die omstandighede te maak/nie weggeloop nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |
| | **TOTAAL AFDELING B:** | **35** |

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING C: KORTVERHALE

## VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

### 8.1 'Rot in 'n val' – H. du Plessis

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.1 (a) | skool | 1 |
| 8.1.1 (b) | inkopies | 1 |
| 8.1.1 (c) | (Antie) Grace | 1 |
| 8.1.1 (d) | vloere | 1 |
| 8.1.2 | Groot Penuel ...<br>• het Lerato gereeld daaraan herinner dat sy die deure moet sluit.<br>• het Lerato gewaarsku om nie vreemde mense (van die straat af) in die huis toe te laat nie.<br>• het gebel om te hoor of Lerato veilig by die huis gekom het.<br>• wou 'n hond kry.<br>• het diefwering aan die vensters gesit.<br>• het die huis verkoop en nader aan ander mense getrek.<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 3 |
| 8.1.3 | bang | 1 |
| 8.1.4 | • Dit is snaaks, want sy ...<br>○ was groot en sterk.<br>○ was 'n gevaarlike vrou/misdadiger met 'n lang rekord.<br>○ het Lerato met 'n mes gedreig.<br>• Die rot was baie klein/skadeloos/mak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.5 | D/terwyl Igundane daar was, sou Angelina op die stoel bly staan. | 1 |
| 8.1.6 (a) | C/Daar het nie ander mense naby die Pitsoanes gebly nie. | 1 |
| 8.1.6 (b) | E/Angelina het gehoor dat daar geld in die huis was. | 1 |
| 8.1.6 (c) | A/Die rot het voorkom dat Angelina die geld kon steel. | 1 |
| 8.1.6 (d) | B/Lerato het die ambulansdienste gebel. | 1 |
| 8.1.7 (a) | • Lerato het Angelina glad nie geken nie.<br>• Lerato se man/Groot Penuel het haar gereeld gewaarsku om nie vreemdes in die huis toe te laat nie.<br>• Lerato het geen verwysing van waar Angelina gewerk het, gehad nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.7 (b) | Ek het geleer dat 'n mens ...<br>• alles moontlik moet doen om jouself in jou eie huis te beveilig/jou huis se deure gesluit moet hou.<br>• tyd moet afstaan/'n punt daarvan moet maak om jou deure te sluit.<br>• nie vreemdes moet vertrou/in jou huis moet toelaat nie.<br>• se lewe binne 'n minuut kan verander.<br>• noodnommers byderhand moet hou.<br>• eerder self die werk moet doen as om vreemdes toe te laat.<br>• meer moet uitvind van iemand voor jy hulle in jou huis toelaat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.8 | Groot Penuel het ...<br>• besef dat dinge baie anders kon gewees het/sy vrou dalk iets ernstigs kon oorgekom het.<br>• altyd sy gesin se veiligheid in ag geneem.<br>• geglo sy gesin sal veiliger wees as hulle naby ander mense is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.1.9 | Die skrywer **noem/beskryf/verduidelik/beklemtoon** dinge soos 'n rot in 'n val dit ervaar/as jy vasgevang is en nie kan wegkom nie, bv.:<br>• Lerato se gevoelens van vrees/dat sy bang was.<br>• Lerato se wens om te kon wegkom uit die situasie, maar sy kon nie.<br>• Lerato het gebid.<br>• Lerato sou na enigiets gegryp het wat haar uit die situasie kon help, bv. die rot.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat kan ook voorbeelde gee.)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**8.2 'Die weldoener' – T.T. Cloete**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.2.1 | Gawie was 'n ...<br>• komponis.<br>• koordirigent.<br>• sangdosent (aan die Marin Marais-konservatorium).<br>• orrelis in sy gemeente/het musiek gemaak.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 8.2.2 (a) | • Iemand het vir hom gesê dat hy vals sing.<br>• Mense het vir hom gelag toe hy gesing het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.2 (b) | emosionele | 1 |
| | | |
| 8.2.2 (c) | • Die jong man het gevoel dat hulle sy talent uitgelag het.<br>• Dit het die jong man laat voel dat sy talent nie goed genoeg was om iets moois/musiek te maak nie.<br>• Die jong man het gevoel sy sangtalent is nie goed genoeg om verder te studeer/'n operaster te word nie.<br>• Die jong man wou nie meer sing nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 8.2.2 (b) moet reg wees om die punt by VRAAG 8.2.2 (c) te verdien.)* | 1 |
| | | |
| 8.2.3 | Deel van Gawie se werk was ook om vir studente wat stemtoetse afgelê het/musiek wou studeer te moet sê as hulle nie goed genoeg is daarvoor nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.4 | Gawie het nooit vir die jong man gesê wie hy is/wat sy naam is nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.5 | C/besef het sy eie seun mag dalk later in dieselfde situasie beland. | 1 |
| | | |
| 8.2.6 | • Die jong man het vir Gawie vertel waarom hy met iemand baklei het.<br>• Gawie het vir die jong man vertel dat daar altyd mense sal wees wat jou kritiseer.<br>• Die jong man wou op sy eie by sy huis kom.<br>• Gawie het die jong man veilig in sy bed gekry.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeure wat op die korrekte plek is.)* | 1<br><br>1<br>1<br>1 |
| | | |
| 8.2.7 | • Die titel verwys na iemand wat ander mense help/goeie dinge vir ander mense doen.✓<br>• Gawie het die jong man op verskeie maniere gehelp, bv.✓<br>○ met hom gesels.<br>○ hom moed ingepraat.<br>○ vir hom raad gegee.<br>○ hom teruggeneem huis toe.<br>○ hom verseker dat hy vir niemand sou vertel wat gebeur het nie.<br>○ sy klere gewas en dit op die draad gehang.<br>○ hom gehelp om sy nagklere aan te trek en in die bed gesit.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat kan net noem dat Gawie op verskeie maniere gehelp het of spesifieke voorbeeld gee.)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 8.2.8 | • Hy kon aangeval/beroof word op die verlate strand (terwyl hy geslaap het).<br>• Hy was beseer/sy enkel was verstuit.<br>• Hy was nie in 'n toestand om self by die huis te kon kom nie.<br>• Hy kon verdrink het/iets onverantwoordeliks aangevang het.<br>• Vriende tree nie so op teenoor mekaar nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.9 | • Die huis was nie gesluit nie./Enige een sou by die huis kon inkom.<br>• Die pa het geslaap en was nie eens bewus daarvan dat sy seun seergekry het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 8.2.10 | Ek het geleer dat ...<br>• groepsdruk jou vinnig en maklik in probleme kan laat beland.<br>• mense wat jy as vriende beskou, jou maklik aan jou eie lot sal oorlaat/jou nie altyd ondersteun nie/in sekere situasie net aan hulleself dink.<br>• groepsdruk jou wys wie werklik jou vriende is/vir jou omgee.<br>• jy jou eie besluite vir jou eie lewe moet neem.<br>• jy in jou eie talente moet glo en alles doen om jou drome uit te leef, ten spyte van ander.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **35** |

Downloaded from Stanmorephysics.com


## VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### 9.1 'Huiskat' – Elizabeth Eybers

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.1.1 (a) | luiperd | 1 |
| 9.1.1 (b) | strek (hoog)/buig | 1 |
| 9.1.1 (c) | buig/strek | 1 |
| 9.1.1 (d) | fluwelig/fluweel | 1 |
| 9.1.1 (e) | driehoek/driehoekige (gelaat) | 1 |
| 9.1.2 | D/te beklemtoon dat die kat haar hele lyf in die son wil laat bak. | 1 |
| 9.1.3 | • Volgens die titel het die huiskat nie 'n naam nie.✓ Sy is dus anoniem.✓<br>• Die titel verwys nie na 'n spesifieke kat nie.✓ Dit is dus 'n kat in die algemeen/dit kan enige kat wees; daarom noem hulle haar net "kat". ✓<br>• Die kat het nie 'n naam gekry nie/is anoniem,✓ want die kat is sonder 'n siel.✓<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 9.1.4 | "alle teerheid stuit"<br>*(Penaliseer nie indien dit nie tussen aanhalingstekens is nie.)* | 1 |
| 9.1.5 (a) | C/alliterasie | 1 |
| 9.1.5 (b) | D/metafoor | 1 |
| 9.1.5 (c) | A/vergelyking | 1 |
| 9.1.5 (d) | B/assonansie | 1 |
| 9.1.6 (a) | • Katte kan nie toegelaat word om net te vermeerder nie.<br>• Kattegetalle moet in toom gehou word.<br>• Baie katte word rondloperkatte/dra siektes oor.<br>• Baie katte word nie versorg nie.<br>• Dit is vir party katte se gesondheid/om mediese redes beter.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.1.6 (b) | • Dit druis in teen katte se natuurlike voortplanting.<br>• 'n Kat moet toegelaat word om kleintjies te kry.<br>• Die mens moenie die natuur se gang belemmer nie.<br>• Dit is wreed.<br>• Die kat sal nie die ekstase van ma-wees ervaar nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.1.7 | "behoedsaam"<br>*(Penaliseer nie indien die woord nie tussen aanhalingstekens is nie. Net een woord!)* | 1 |
| | | |
| 9.1.8 | Die kat ...<br>• ignoreer die spreker se hand.<br>• maak haar oë toe.<br>• loop net by die spreker verby.<br>• kronkel/gaan by die spreker verby/maak seker dat sy nie vasgegryp word nie/bly buite bereik van die spreker.<br>• het 'n smalende uitdrukking/uitdrukking van "ek wil nie naby jou wees nie".<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanvaar nie aanhalings nie; dit moet eie woorde wees.)* | 1 |
| | | |
| 9.1.9 | Ek kan leer dat ...<br>• katte nooit heeltemal mak word nie.<br>• katte getrou aan hulle eie natuur bly.<br>• katte doen wat hulle wil.<br>• mense wat katte het, verantwoordelik teenoor hulle katte moet optree/hulle moet versorg.<br>• katte se persoonlikhede verskil.<br>• almal nie dieselfde oor katte voel nie.<br>• omstandighede mense soms emosieloos/gevoelloos/bitter kan maak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**9.2 'Palimpses' – Johann de Lange**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.2.1 | • "Bome/**bome skryf** (teen die blou)"/"kreukellose lug/wat niemand verstaan nie"<br>• **"stil is die bome"**<br>*(Enige EEN. Penaliseer nie indien dit nie tussen aanhalingstekens is nie.)* | 1 |
| | | |
| 9.2.2 | vernietiging | 1 |
| | | |
| 9.2.3 | • Die bome word ...<br>○ (met byle) **afgekap**/**gevel.**<br>○ (by meulens) **gesaag**.<br>○ **gemaal.**<br>○ **gepulp**.<br>○ **geplet.**<br>*(Enige DRIE of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>• Aanvaar (enige drie) aanhalings: "vel"; "saag"; "maal"; "pulp"; "plet" (aksiewoorde)<br>• Indien die kandidaat reël 4 tot 7 direk aanhaal, sal die kandidaat 2 uit 3 verdien vir reël 5 ( ... vel die bome) en 6 (meulens saag ...). | 3 |
| | | |
| 9.2.4 | • "stil" word herhaal.<br>• Voorplasing van die woord "stil".<br>• Inversie/omgekeerde woordorde<br>• Daar is 'n kommapunt aan die einde van reël 8.<br>• Daar is 'n komma in reël 9 na "stil".<br>• Daar is 'n bladwit spasie/tipografiese wit tussen die twee strofes/ versreëls.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.2.5 (a) | • Die (harde) geluid/klank wat die tikmasjien maak as iemand daarop tik<br>• Die tik-klank<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.2.5 (b) | • Mense tik nie vandag meer op sulke tikmasjiene nie.<br>• Die tegnologie wat vandag deur digters/skrywers gebruik word, is byna geluidloos/maak nie geraas nie/kan skaars gehoor word.<br>• Sommige digters gebruik pen en papier of 'n rekenaar.<br>• Gewone mense maak poësie op straat (vergelyk *Wie' hy?).*<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.2.6 (a) | positiewe | 1 |
| | | |
| 9.2.6 (b) | • In hierdie strofe lees ons dat die produk wat van bome af kom/papier vir iets goeds gebruik word.<br>• Papier, wat van bome af kom, word gebruik om iets anders mee te doen.<br>• Die bome herleef deur die boodskap wat die digter op papier tik.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 9.2.6 (a) moet reg wees om die punt by VRAAG 9.2.6 (b) te verdien.)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.2.7 | • **Die bome** kan nie skryf nie/skryf nie regtig nie./Niemand kan lees/ verstaan wat die bome skryf nie, (want daar is nie regtig/fisies iets geskryf nie.)/Die bome skryf oor vernietiging./Die bome skryf dat die mense hulle vernietig/dat mense moet ophou om hulle te vernietig./ Die bome se geskryf is 'n hulproep/is desperaat./Die bome skryf iets figuurliks.✓<br>• **Die digter** skryf regtig iets/dra 'n boodskap oor./Ander mense kan lees/verstaan wat die digter geskryf het./Die digter laat die hout herleef/skryf oor herlewing./Die digter se boodskap is een van hoop./Die digter skryf letterlik iets.✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Sien die Algemene Nasienriglyne. Die verskil moet duidelik wees.)* | 2 |
| | | |
| 9.2.8 | • **Die bome** ervaar pyn, want hulle word vernietig/afgekap.✓<br>• **Die digter** skryf oor die pyn wat die mensdom elke dag (fisies/emosioneel) ervaar/verteenwoordig die mensdom wat elke dag pyn in die lewe ervaar./Die skryfproses is pynlik.✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 9.2.9 | • **Fokus op tema:** Oral in die wêreld word bome vernietig en benut mense die produkte/papier wat van hout gemaak word/word die natuur vir menslike gewin uitgeroei./Herwinning vind oral plaas.<br>• **Fokus op universeel:** Hierdie gedig spreek tot alle mense oral in die wêreld.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 9.2.10 | Palimpses beteken dat daar herhaaldelik op iets/die perkamentrol geskryf kan word.✓ In hierdie gedig beskryf die digter die papier wat van hout af kom en dan weer benut/vir iets anders gebruik word.✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | **[35]** |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING D:** | **35** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |

Kopiereg voorbehou